# DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMÊRE SKOLE IN TRANSVAAL

**SALMON PETRUS BOTHA**
**BA. B.ED. TOD**

**Skripsie goedgekeur vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad**

**Magister Educationis**

**in**

**Voorligting en Ortopedagogiek**

**aan die**

**Potchefstroomse Universiteit**

**vir**

**Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier : Dr. J.L. Marais**
**Hulpleier : Mnr. Z.B. Loots**

**Januarie 1989**

## *DANKBETUIGING*

* My vrou, Elsa, vir haar liefde, bystand, onderskraging en aanmoediging.
* My kinders vir al die opofferinge wat hulle moes maak.
* My skoonmoeder, familie en vriende vir daadwerklike belangstelling.
* My ouers vir hulle liefde en onderskraging deur al die jare.
* Mej. K. Bezuidenhout vir haar keurige tikwerk.
* Dr. P.D. v.d. Walt vir sy voortreflike taalkundige versorging van hierdie werkstuk en Prof. A.L. Combrinck wat verantwoordelik was vir die Engelse opsomming.
* Die biblioteke van die Transvaalse Onderwysdepartement en die PU vir CHO, vir besondere diens en hulpvaardigheid.
* Mej. E. Gouws, van die Statistiese en Konsultasiediens van die PU vir CHO vir gewaardeerde hulp met die verwerking van die data.
* Die Transvaalse Onderwysdepartement vir die toestemming om vraelyste aan skole uit te stuur.
* Die skole wat by die ondersoek betrokke was vir hulle pragtige samewerking.
* Dr. J.L. Marais vir sy bekwame en waardevolle leiding. Sy vinnige afhandeling van hoofstukke en positiewe aansporing het hierdie studie moontlik gemaak.
* Mnr. Z.B. Loots vir sy waardevolle insette.
* Aan my Skepper vir al Sy ryke seëninge.

## *SUMMARY*

In introduction the question is asked whether the present system of pupil leadership does promote the training of pupil leaders.

The purpose of the study has been to reflect on pupil leadership from the angle of the available literature and to investigate the practice of pupils leadership in primary schools in the Transvaal by means of a structured questionnaire. The research was directed at Afrikaans and double-medium primary schools in the Transvaal. A random sample of 28,6% (145 from 506) schools was drawn.

The most important conclusions reached from the study of literature and the empirical investigation are that primary schools in the Transvaal are moving away from the traditional prefect system, that the different-sized schools have their own specific kinds of problems in the appointment and training of pupil leaders, and that there is room for improvement in the process of identification and training of pupil leaders in primary schools in the Transvaal.

It is recommended that the identification and training of pupil leaders should be focused on penetratingly and brought to the notice of the responsible personnel by means of the orientation and regional courses. Attention will then have to be given to the various size-categories of schools, so that the needs of each size-category can be attended to and discussed. Teachers' Training Colleges and universities responsible for the training of teaching staff should equip future teachers better to be able to cope effectively with the development of future leaders.

The last word has not been spoken with regard to the training of pupil leaders. The training of pupil leaders in the Republic of South Africa is a topic that warrants serious research attention.

## *LYS VAN TABELLE*


| TABELNOMMER | | BLADSY |
|---|---|---|
| Tabel 3.1 | Primêre Afrikaans- en Dubbelmediumskole volgens grootte en aantal | 25 |
| Tabel 3.2 | Aantal en grootte skole wat in die steekproef betrek is | 26 |
| Tabel 3.3 | Die mate van terugontvangste van vraelyste aan hoofde | 32 |
| Tabel 3.4 | Vraelyste aan onderwysers verantwoordelik vir leerlingleiers, en die mate van terugontvangstes | 32 |
| Tabel 4.1 | Die gradering van die respondente se skole | 35 |
| Tabel 4.2 | Die aantal jare onderwyservaring van die respondente | 36 |
| Tabel 4.3 | Die graad van die pos wat die respondente beklee | 37 |
| Tabel 4.4 | Die standerds waaruit die leerlingleiers van die skole getrek word | 38 |
| Tabel 4.5 | Die persentasie wat leerlingleiers uit die skool se leerlingpopulasie beslaan | 39 |
| Tabel 4.6 | Die tipe leiers wat in die skole gebruik word | 40 |
| Tabel 4.7 | Die noodsaaklikheid van die gebruik van leerlingleiers op primêre skoolvlak | 41 |
| Tabel 4.8 | Die hoeveelheid aandag wat aan die identifisering van leerlingleiers geskenk word | 42 |
| Tabel 4.9 | Die wyse waarop leerlingleiers geïdentifiseer word | 43 |
| Tabel 4.10 | Die mate van bevrediging by die personeel met die wyse van leieridentifisering | 44 |
| Tabel 4.11 | Die ouderdom waarop die leerlinge vir die eerste keer as leiers geïdentifiseer word | 45 |
| Tabel 4.12 | Die mate van gereelde rekordering van leieridentifisering | 46 |
| Tabel 4.13 | Die metode van rekordering van leieridentifisering | 48 |
| Tabel 4.14 | Die persoon wat die leierseienskappe aanteken | 49 |
| Tabel 4.15 | Die wyse waarop moontlike leiers se name op 'n groslys geplaas word | 50 |
| Tabel 4.16 | Die evaluering van 24 leierseienskappe en die mate van noodsaaklikheid | 52 |
| Tabel 4.17 | Die noodsaaklikheid van die opleiding van leerlingleiers | 54 |
| Tabel 4.18 | Die mate van opleiding van leerlingleiers in die skole van die respondente | 55 |
| Tabel 4.19 | Die persoon wat die meeste by die opleiding van leerlingleiers betrokke is | 57 |
| Tabel 4.20 | Die persoon wat die meeste by die opleiding van leerlingleiers betrokke behoort te wees | 58 |
| Tabel 4.21 | Die ouderdom wat as die geskikste beskou word by die begin van opleiding aan leerlingleiers | 59 |
| Tabel 4.22 | Die program wat as die geskikste vir die opleiding van leerlingleiers beskou word. | 60 |
| Tabel 4.23 | Die noodsaaklikheid van die opleiding van personeel verantwoordelik vir die leerlingleiers | 61 |
| Tabel 4.24 | Die persoon of instansie wat as die geskikste vir die opleiding van personeel beskou word | 62 |
| Tabel 4.25 | Die soort opleiding wat tans aan die leerlingleiers voorsien word | 63 |
| Tabel 4.26 | Die noodsaaklikheid van vergaderings deur leerlingleiers | 64 |
| Tabel 4.27 | Die noodsaaklikheid van vergaderingsprosedures by die vergaderings van leerlingleiers | 65 |
| Tabel 4.28 | Die take van leerlingleiers in primêre skole in volgorde van belangrikheid | 67 |

# Inhoudsopgawe

DANKBETUIGING . . . i
SUMMARY . . . ii
LYS VAN TABELLE . . . iii
HOOFSTUK 1 . . . 1
PROBLEEMSTELLING, DOEL EN NAVORSINGSMETODE . . . 1
1.1 Inleiding . . . 1
1.2 Probleemstelling . . . 2
1.3 Doel van die ondersoek . . . 3
1.4 Metode van die ondersoek . . . 4
4.1 Literatuurstudie . . . 4
1.4.2 Empiriese ondersoek . . . 4
1.4.3 Die meetinstrument . . . 4
1.5 Afbakening van die studieterrein . . . 4
1.5.1 Ondersoekgroep . . . 4
1.5.2 Steekproefgrootte . . . 4
1.6 Die verloop van die studie . . . 5
HOOFSTUK 2 . . . 6
LEERLINGLEIERSKAP EN DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS . . . 6
2.1 Inleiding . . . 6
2.2 Begripsbepaling . . . 6
2.2.1 Leerlingleiers . . . 6
2.2.2 Opleidingsdoelstellings . . . 7
2.2.3 Opleidingsgeleenthede . . . 8
2.2.4 Opleidingsvorme . . . 8
2.3 Die begrip leierskap . . . 9
2.3.1 Leierskap in die algemeen . . . 9
2.3.2 Leerlingleierskap . . . 10
2.3.3 Die noodsaaklikheid van leerlingleiers . . . 10
2.4 Leieridentifisering . . . 11
2.4.1 Inleidende opmerkings . . . 11
2.4.2 Identifiseringsprosedures . . . 11
2.4.3 Persoonlikheidseienskappe by leieridentifisering . . . 12
2.4.4 Ouderdom by eerste identifisering . . . 13
2.4.5 Rekordering van leieridentifisering . . . 14
2.4.6 Persone betrokke by identifisering . . . 15
2.5 OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS . . . 16
2.5.1 Inleidende opmerkings . . . 16
2.5.2 Die noodsaaklikheid van opleiding van leiers . . . 16
2.5.3 Persone betrokke by opleiding . . . 17
2.5.4 Ouderdom by eerste opleiding . . . 18
2.5.5 Opleidingsgeleenthede . . . 18
2.5.6 Opleiding van verantwoordelike personeel . . . 19
2.6 DIE TAKE VAN LEERLINGLEIERS . . . 20
2.6.1 Inleidende opmerkings . . . 20
2.6.2 Verskillende take van leerlingleiers . . . 20
2.7 Samevatting . . . 21
HOOFSTUK 3 . . . 22
METODE VAN ONDERSOEK . . . 22
3.1 Inleiding . . . 22
3.2 Doel met die empiriese ondersoek . . . 22
3.3 Tipes ondersoekmetodes en die keuse van die meetinstrument . . . 23
3.3.1 Inleiding . . . 23
3.3.2 Keuse van meetinstrument . . . 23
3.4 Die vraelys as meetinstrument . . . 23
3.4.1 Inhoudelike van die vraelys . . . 23

3.4.2 Uiterlike van die vraelys ..... 24
3.5 Die empiriese ondersoek ..... 24
3.5.1 Inleiding ..... 24
3.5.2 Keuse van die tipe skole ..... 24
3.5.3 Steekproefneming ..... 25
3.5.4 Steekproefgrootte ..... 25
3.5.5 Aanduiding van die uitkomste van die steekproefneming ..... 26
3.5.6 Keuse van proefpersone ..... 27
3.5.7 Samestelling van die vraelys ..... 27
3.5.7.1 Die noodsaaklikheid van die vraelys om gegewens in te win ..... 27
3.5.7.2 Soorte items in die vraelys ..... 29
3.5.7.3 Eerste redaksie van die vraelys ..... 30
3.5.7.4 Ontwerp van die finale vraelys ..... 30
3.5.7.5 Verskillende aspekte van die finale vraelys ..... 30
3.6 Samevatting ..... 33
HOOFSTUK 4 ..... 34
AANBIEDING, ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DIE VRAELYSRESPONSE ..... 34
4.1 Inleiding ..... 34
4.2 Demografiese gegewens van die respondente ..... 34
4.2.1 Vraag 1,2,4 en 6 ..... 34
4.2.2 Vraag 3 ..... 35
4.2.2.1 Analise van die response ..... 35
4.2.2.2 Interpretasie ..... 35
4.2.3 Vraag 5 ..... 36
4.2.3.1 Analise van die response ..... 36
4.2.3.2 Interpretasie ..... 36
4.2.4 Vraag 7 ..... 37
4.2.4.1 Analise van die response ..... 37
4.2.4.2 Interpretasie ..... 37
4.3 Soorte leerlingleiers en die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak 38
4.3.1 Vraag 8 ..... 38
4.3.1.1 Analise van die response ..... 38
4.3.1.2 Interpretasie ..... 39
4.3.2 Vraag 9 ..... 39
4.3.2.1 Analise van die response ..... 39
4.3.2.2 Interpretasie ..... 39
4.3.3 Vraag 10 ..... 40
4.3.3.1 Analise van die response ..... 40
4.3.3.2 Interpretasie ..... 41
4.3.4 Vraag 11 ..... 41
4.3.4.1 Analise van die response ..... 41
4.3.4.2 Interpretasie ..... 42
4.4 Die identifisering van leerlingleiers ..... 42
4.4.1 Vraag 12 ..... 42
4.4.1.1 Analise van die response ..... 43
4.4.1.2 Interpretasie ..... 43
4.4.2 Vraag 13 ..... 43
4.4.2.1 Analise van die response ..... 44
4.4.2.2 Interpretasie ..... 44
4.4.3 Vraag 14 ..... 44
4.4.3.1 Analise van die response ..... 45
4.4.3.2 Interpretasie ..... 45
4.4.4 Vraag 15 ..... 45
4.4.4.1 Analise van die response ..... 46
4.4.4.2 Interpretasie ..... 46
4.4.5 Vraag 16 ..... 46
4.4.5.1 Analise van die response ..... 47
4.4.5.2 Interpretasie ..... 47

4.4.6 Vraag 17 . . . 47
4.4.6.1 Analise van die response . . . 48
4.4.6.2 Interpretasie . . . 48
4.4.7 Vraag 18 . . . 48
4.4.7.1 Analise van die response . . . 49
4.4.7.2 Interpretasie . . . 49
4.4.8 Vraag 19 . . . 49
4.4.8.1 Analise van die response . . . 50
4.4.8.2 Interpretasie . . . 50
4.5 Eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg moet word . . . 51
4.5.1 Vraag 20 . . . 51
EVALUERING VAN LEIERSEIENSKAPPE . . . 52
4.5.1.1 Analise van die response . . . 52
4.5.1.2 Interpretasie . . . 53
4.6 Die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal . . . 54
4.6.1 Vraag 21 . . . 54
4.6.1.1 Analise van die response . . . 55
4.6.1.2 Interpretasie . . . 55
4.6.2 Vraag 22 . . . 55
4.6.2.1 Analise van die response . . . 56
4.6.2.2 Interpretasie . . . 56
4.6.3 Vraag 23 . . . 56
4.6.3.1 Analise van die response . . . 57
4.6.3.2 Interpretasie . . . 57
4.6.4 Vraag 24 . . . 58
4.6.4.1 Analise van die response . . . 58
4.6.4.2 Interpretasie . . . 58
4.6.5 Vraag 25 . . . 59
4.6.5.1 Analise van die response . . . 59
4.6.5.2 Interpretasie . . . 59
4.6.6. Vraag 26 . . . 60
4.6.6.1 Analise van die response . . . 60
4.6.6.2 Interpretasie . . . 60
4.6.7 Vraag 27 . . . 61
4.6.7.1 Analise van die response . . . 61
4.6.7.2 Interpretasie . . . 61
4.6.8 Vraag 28 . . . 62
4.6.8.1 Analise van die response . . . 62
4.6.8.2 Interpretasie . . . 62
4.6.9 Vraag 29 . . . 63
4.6.9.1 Analise van die response . . . 63
4.6.9.2 Interpretasie . . . 63
4.6.10 Vraag 30 . . . 64
4.6.10.1 Analise van die response . . . 64
4.6.10.2 Interpretasie . . . 64
4.6.11 Vraag 31 . . . 65
4.6.11.1 Analise van die response . . . 65
4.6.11.2 Interpretasie . . . 65
4.7 Die take van leerlingleiers in primêre skole . . . 66
4.7.1 Vraag 32 . . . 66
DIE TAKE VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMêRE SKOLE IN VOLGORDE VAN BELANGRIKHEID 67
4.7.1.1 Analise van die response . . . 68
4.7.1.2 Interpretasie . . . 68
4.8 Oop items . . . 69
4.9 Samevatting . . . 70
HOOFSTUK 5 . . . 71
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . 71
5.1 Inleiding . . . 71

5.2 Samevatting . . . 71
5.2.1 Hoofstuk 1 . . . 71
5.2.1.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 1.1) . . . 71
5.2.1.2 Probleemstelling (Vgl. paragraaf 1.2) . . . 71
5.2.1.3 Doel van die ondersoek (Vgl. paragraaf 1.3) . . . 71
5.2.1.4 Metode van ondersoek (Vgl. paragraaf 1.4) . . . 72
5.2.1.5 Afbakening van die studieterrein (Vgl. paragraaf 1.5) . . . 72
5.2.1.6 Die verloop van die studie (Vgl. paragraaf 1.6) . . . 72
5.2.2 Hoofstuk 2 . . . 72
5.2.2.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 2.1) . . . 72
5.2.2.2 Begripsbepaling (Vgl. paragraaf 2.2) . . . 72
5.2.2.3 Die begrip leierskap (Vgl. paragraaf 2.3) . . . 72
5.2.2.4 Leieridentifisering (Vgl. paragraaf 2.4) . . . 72
5.2.2.5 Opleiding van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 2.5) . . . 73
5.2.2.6 Die take van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 2.6) . . . 73
5.2.3 Hoofstuk 3 . . . 73
5.2.3.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 3.1) . . . 73
5.2.3.2 Die doel met die empiriese ondersoek (Vgl. paragraaf 3.2) . . . 73
5.2.3.3 Tipes ondersoekmetodes en die keuse van die meetinstrument (Vgl. paragraaf 3.3) 73
5.2.3.4 Die vraelys as meetinstrument (Vgl. paragraaf 3.4) . . . 74
5.2.3.5 Die empiriese ondersoek (Vgl. paragraaf 3.5) . . . 74
5.2.6 Hoofstuk 4 . . . 74
5.2.6.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 4.1) . . . 74
5.2.6.2 Demografiese gegewens van die respondente (Vgl. paragraaf 4.2) . . . 74
5.2.6.3 Soorte leerlingleiers en die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak (Vgl. paragraaf 4.3) . . . 74
5.2.6.4 Die identifisering van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 4.4) . . . 74
5.2.6.5 Eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg moet word (Vgl. paragraaf 4.5) . 75
5.2.6.6 Die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal (Vgl. paragraaf 4.6) 75
5.2.6.7 Die take van leerlingleiers in primêre skole (Vgl. paragraaf 4.7) . . . 75
5.2.6.8 Oop items (Vgl. paragraaf 4.8) . . . 75
5.2.7 Hoofstuk 5 . . . 76
5.2.7.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 5.1) . . . 76
5.2.7.2 Samevatting (Vgl. paragraaf 5.2) . . . 76
5.2.7.3 Gevolgtrekkings (Vgl. paragraaf 5.3) . . . 76
5.2.7.4 Aanbevelings (Vgl. paragraaf 5.4) . . . 76
5.3 Gevolgtrekkings . . . 76
5.4 AANBEVELINGS . . . 77
5.4.1 Aanbevelings oor leieridentifisering en -opleiding . . . 77
5.4.2 Aanbevelings vir verdere ondersoeke . . . 78
5.5 Gebreke in die ondersoek . . . 78
5.6 Slotopmerking . . . 79
BRONNELYS . . . 80

## *LYS VAN BYLAES*

**BYLAAGNOMMER** BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| BYLAE 1 | GOEDKEURING VAN TOD VIR UITSTUUR VAN VOORLOPIGE VRAELYS | 84 |
| BYLAE 2 | GOEDKEURING VAN TOD VIR UITSTUUR VAN FINALE VRAELYS | 85 |
| BYLAE 3 | FINALE VRAELYS | 86 |

# *HOOFSTUK 1*

## *PROBLEEMSTELLING, DOEL EN NAVORSINGSMETODE*

### 1.1 Inleiding

Die konsep leierskap is so oud soos die mensdom self. Die invloed van leiers op politieke en kerklike gebied loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van volkere; trouens, dit kan beweer word dat leiers baie sterk bygedra het tot die koers en rigting daarvan. Die name van groot staatsmanne soos Karel die Grote, Julius Ceaser, Napoleon, Hitler en kerklike leiers soos Augustinus en andere gryp vandag nog die verbeelding aan.

Die geskiedenis leer verder dat nie alle leiers eties korrek en in belang van volkere opgetree het of optree nie. Dit geld ook van die leiers van die 20e eeu. Wanneer die optrede van leiers van die hoogste tot op die laagste vlak op alle lewensterreine fyn ontleed word, ontstaan die vraag of diesulkes werklik in leiersposisies moes wees.

Op grond hiervan kan aanvaar word dat die behoefte aan persone wat die nodige leiding kan gee, vandag groter as ooit in die geskiedenis is. Volgens Thompson & Lacerenza (1983:21) is die nood aan veral vaardige en eties-sobere leiers 'n wesenlike probleem.

Uit gesprekke met verskeie mense gemoeid met onderwys by primêre skole in Transvaal het dit duidelik geword dat die opleiding van leerlingleiers nie die gewenste aandag geniet nie.

Thompson en Lacerenza (1983:21) beaam dan ook dié stelling as hulle sê:

> "As early as elementary school, students seek and are awarded positions of responsibility; yet only sporadic efforts are made to formally prepare them to be effective leaders."

Uit 'n studie van resente bronne blyk dit dat die opleiding van leerlingleiers in sekondêre skole in Suid-Afrika relatief meer aandag geniet as dié van leerlinge in primêre skole en dat die oorgrote meerderheid navorsing op

sekondêre skole toegespits is. Theunissen (1985:4) noem ook dat daar verskillende opleidingsprogramme vir leerlinge in sekondêre skole in die RSA bestaan. Heelwat navorsing oor die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak is egter reeds in oorsese lande gedoen.

Dit blyk dat die leierskap en leierskapontwikkeling op primêre onderwysvlak in Transvaal hoofsaaklik in die kurrikulum van veldskole vergestalting vind, terwyl Coetzee (1987:249) ook die belangrike taak van die skool met betrekking tot die opleiding van leerlingleiers beklemtoon. Melding word ook gemaak van die opvoedingsgeleenthede wat deur die veldskole, onder beheer van die TOD, aan sekondêre leerlinge in Transvaal gebied word. Aan standerd 5-leerlinge word ook die geleentheid gebied om veldskole by te woon. Die bywoning kan egter eers aan die einde van die jaar geskied sodat dit moontlik nie werklike voordele vir leierskapontwikkeling in primêre skole in Transvaal inhou nie.

Die resentste handleiding vir die implementering van die opvoedkundige leidingsprogram in primêre skole in Transvaal verwys ook na stelsels wat geskep moet word om leierskap by leerlinge te stimuleer en uit te bou. (TOD, 1987b:16) Dat daar by die Transvaalse Onderwysdepartement geen illusie in verband met die noodsaaklikheid van die opleiding van leerlingleiers is nie, blyk uit die woorde van die huidige Direkteur van Onderwys in Transvaal:

> "Verantwoordbare onderwys het onder meer die taak om in 'n onseker en met spanning gelaaide wêreld die kinders met die aangebore leierswesenskenmerke te identifiseer ten einde hulle die nodige leiding en opleiding te bied om hulle in staat te stel om met daadkrag, diensbesieldheid en leiersvaardigheid te doen wat nodig is om van die wêreld 'n beter plek te maak om in te woon" (Bredenkamp, 1984:167).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat 'n eiesoortige opleidingsprogram vir leerlingleiers aan primêre skole in Transvaal navorsingswaardig is.

### 1.2 Probleemstelling

Die probleme wat met hierdie studie ondersoek sal word, kan met die volgende vrae saamgevat word:

1.2.1 Tot watter mate word leerlingleierskap en die opleiding van leerlingleiers in die bestaande literatuur gedek?

1.2.2 Wat word onder opleidingsprogram en opleiding van leerlingleiers verstaan?

1.2.3 Waarom en hoe word daar rekenskap van begeleiding aan leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal gegee?

1.2.4 In watter ouderdomsgroep behoort die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal voorrang te geniet?

1.2.5 Wie se verantwoordelikheid is dit om in die primêre skole in Transvaal opleiding aan leerlingleiers te gee?

**1.3 Doel van die ondersoek**

Die doel met die navorsing in hierdie studie kan soos volg saamgevat word:

1.3.1 Om aan die hand van 'n literatuurstudie te besin oor leerlingleierskap, die identifisering en opleiding van leerlingleiers.

1.3.2 Om aan te dui wat onder 'n opleidingsprogram en die opleiding van leerlingleiers verstaan word.

1.3.3 Om deur 'n vraelys vas te stel wat die aard en omvang van identifisering en opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal is.

1.3.4 Om vas te stel watter ouderdomsgroep die geskikste is vir die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal.

1.3.5 Om te bepaal watter persoon of instansie die geskikste sal wees om die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal te behartig.

## 1.4 Metode van die ondersoek

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 4.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie sal toegespits word op leerlingeienskap, die wyse van leieridentifisering, eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg word, die opleiding van leerlingleiers en die take van leerlingleiers.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek behels die invul van vraelyste wat aan hoofde en onderwysers, verantwoordelik vir leerlingleiers, van primêre skole gestuur is. Op grond van die resultate van die vraelyste sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

### 1.4.3 Die meetinstrument

Die gestruktureerde vraelys is as meetinstrument by die ondersoek gebruik.

## 1.5 Afbakening van die studieterrein

### 1.5.1 Ondersoekgroep

Die studie handel oor die opleiding van leerlingleiers in Afrikaanse en dubbelmedium- primêre skole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement.

### 1.5.2 Steekproefgrootte

'n Ewekansige steekproef van 28,6% (145 uit 506) skole is getrek. Aan die skole is gestruktureerde vraelyste uitgestuur om deur die hoof en die

onderwyser, verantwoordelik vir die opleiding van die leerlingleiers, ingevul te word.

### 1.6 Die verloop van die studie

In Hoofstuk 1 word aandag aan die oriëntering ten opsigte van die opleiding van leerlingleiers in primêre skole gegee.

In Hoofstuk 2 sal daar aandag aan 'n kritiese oorsig van die bestaande literatuur oor leerlingleierskap geskenk word. Die literatuurstudie sal toegespits word op die leerlingleierskap in die algemeen, die wyse van leieridentifisering, eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg word en die take en opleiding van leerlingleiers.

Die empiriese navorsing sal in Hoogstuk 3 aandag geniet. Daar word aandag aan die vooronderseok, die beskrywing van die navorsingsmetode en die soort toetse wat gebruik word, gegee.

In Hoofstuk 4 word aandag aan die resultate van die empiriese ondersoek gegee.

In Hoofstuk 5 word 'n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

*HOOFSTUK 2*

# *LEERLINGLEIERSKAP EN DIE OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS*

## 2.1 Inleiding

Alhoewel die mens vanaf die grondlegging van die aarde as leier deur God uitgekies is, is die laaste woord oor die begrip leierskap nog nie geskryf nie.

Cunningham & Gephart (1973:xvi) beklemtoon die aktualiteit van leierskap en meen dat die verskynsel in die toekoms nog baie navorsers se aandag sal verg.

Volgens Sonnekus (1979:5) is die vraag wat aan die orde van die dag is, naamlik of dit wat die skool alles ten opsigte van die verkiesing en benoeming van leerlingleiers doen, wel tot die opvoeding van jeugleiers bydra.

Follet (1985:31) is van mening dat leierskap te veel betekenisse het en niks anders as 'n semantiese slaggat is nie. Volgens Stead (1985a:30) is dit nie nodig om die hele stelsel van leerlingleiers oorboord te gooi nie. Die kernvraag rondom leerlingleierskap is volgens Young (1986:29) of die stelsel van prefekte die groei van leiers en leiervaardighede voorop stel.

Daar word vervolgens aan begrippe oor leerlingleiers aandag gegee.

## 2.2 Begripsbepaling

### 2.2.1 Leerlingleiers

Om leerlingleierskap te verstaan moet die begrip leerlingaktiwiteit van naderby beskou word.

Volgens Prinsloo en Van Rooyen (1986:306) is leerlingaktiwiteite die mobilisering van psigiese en/of fisiese energie waardeur leerling aktief deelneem aan hulle proses van opvoeding en volwassewording.

Leerlingleierskap is die proses waardeur leerlinge wat oor leierspotensiaal beskik en met verantwoordelikheid beklee word, op 'n eiesoortige manier deelneem aan hulle eie volwassewording en deur leiding op bepaalde terreine te neem ook meehelp tot die volwassewording van medeleerlinge.

In hierdie navorsing word op leerlinge op die primêre skoolvlak in Transvaal gefokus. Dit is leerlinge wat skoolpligtig is vanaf die jaar waarin hulle sewe jaar word en in die primêre skool bly tot hulle st. 5 geslaag het. Ten einde leerlingleiers op te lei behoort daar sekere opleidingsdoelstellings te bestaan wat vervolgens aandag sal geniet.

### 2.2.2 Opleidingsdoelstellings

Volgens die HAT (1984:617) word opleiding beskryf as "die bekwaam maak."

Die doelstellings met die opleiding van leerlingleiers kan gesien word as die bekwaam maak van leerlinge om leiding te neem. Bredenkamp (1984:169) is van mening dat die program vir leieridentifisering en leieropleiding van die veronderstelling uitgaan dat elke kind oor 'n mate van leierskap beskik. Die leierskapsbevorderingsprogram sluit onder meer doelstellings in soos om die regte gesindheid jeens leiertalent by leerlingleiers en die hunkering en ywer om sinvol by die probleme van hulle tyd betrokke te raak by leerlingleiers te bevorder, leerlingleiers se potensiaal progressief te help uitbou, kritiese en kreatiewe denke te stimuleer, geleenthede vir die aanleer en inoefening van leiervaardighede te verskaf, waardeperspektief te help skep, positiewe standpunt-inname te bevorder en jong leiers tot verantwoordelikheidsaanvaarding te lei.

Volgens Prinsloo et al., (1986:317), Bredenkamp (1984:168) en Coetzee (1987:251) is die leerlingleier 'n potensiële volwasse leier met dié voorbehoud dat daar geen waarborg is dat die leerlingleier ook volwasse leier sal wees nie. Daarom behoort die opleidingdoelstellings van die skool daarop gerig te wees om elke leerling wat kan ontplooi, met die noodsaaklike en grondliggende lewenswaardes vir leierskap toe te rus.

Die doel met die opleiding van leerlingleiers moet dus wees om elke leerling wat oor leierseienskappe beskik, die geleentheid te bied om deur volgehoue ondersteuning en bemoeienis van die opvoeder tot moontlike leier te ontwikkel.

### 2.2.3 Opleidingsgeleenthede

Ten einde leerlinge toe te rus om leiding te kan neem, moet daar sekere geleenthede geskep word waarbinne die leerlinge opgelei kan word.

Volgens Sonnekus (1979:46) is die leierskapontwikkeling wat deur ervaring opgedoen word, nie voldoende nie. Geleenthede moet geskep word waar persone spesifiek leierskapontwikkeling ondergaan en waar spesifieke inhoude vir die leerder ontsluit word (Vgl. Sonnekus, 1979:46; Coetzee, 1987:264). Laasgenoemde dui aan dat die opleidingsgeleenthede binne sowel as buite skoolverband geskep kan word. Die aspek word verder in paragraaf 2.5.5 toegelig.

### 2.2.4 Opleidingsvorme

Daar is reeds aangetoon dat opleiding die bekwaam maak tot iets is (Vgl. paragraaf 2.2.2). Opleidingsvorme sal dus die metodes wees wat aangewend sal word om leerlingleiers verder te bekwaam. Die formele lesing, seminaar, groepbespreking en gonsgroepe, oudiovisuele materiaal, opleidingsbesoeke, selfopleiding, gevalle-studies en rollespel is die algemeenste opleidingsmetodes.

Die metode van opleiding van leerlingleiers sal verband hou met die opleidingsdoelstelling wat in elke skool gestel word. Die situasie, soort leerlingleier en opleidingsgeleenthede sal belangrike faktore wees in die bepaling van die verskillende opleidingsvorme wat aangewend sal word om leierontwikkeling maksimaal te laat plaasvind.

## 2.3 Die begrip leierskap

### 2.3.1 Leierskap in die algemeen

Beide Theunissen (1985:15) en Coetzee (1987:250) maak melding daarvan dat God leiers kies en hulle toerus vir hulle taak. In die woordelys van die nuwe vertaling van die Bybel word die volgende bespreking van leidsman gegee:

> "Leidsman is die voorloper, die eerste in 'n reeks waarop ander volg, of ook die grondlegger, die bewerker van 'n saak"

(Bybel, 1984:363).

Dat die laaste woord oor leierskap nog nie geskryf is nie, blyk uit die meningsverskil wat daar in die literatuur aangetref word. Verskeie skrywers se uiteenlopende menings oor leierskap as aangebore of verworwe word deur Smith (1982:66) aangehaal. Van der Merwe (1976:51); Taylor (1962:13) en Smith (1982:67) bespreek die drie basiese leierskapstyle, naamlik die demokratiese, die outokratiese en die vrye-teuel- leierskapstyl. Meningsverskille kom ook oor leierskapsteorieë voor. Aandag word aan die persoonlikheids-, groeps-, situasie- en eklektiese benadering gegee (Vgl. Smith, 1982:74-76; Coetzee, 1987:250-257; Taylor, 1962:5-11; Adair, 1983:7-8). Laasgenoemde wys daarop dat twee navorsers 17 000 woorde in die literatuur gevind het waarmee leierskap beskryf kan word.

Kellerman (1984:xi) is van mening dat, nieteenstaande al die verskille rondom die begrip leierskap, 'n breër kennis daarvan die mens in staat stel om sy verlede, hede en toekoms beter te verstaan.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat enige persoon wat daaraan dink om leierskap te definieër met persoonlikheidseienskappe, die situasie, funksies, verhoudinge, doelwitte, eindbestemming en volgelinge van die groep rekening sal moet hou. Vervolgens sal aandag aan die begrip leerlingleierskap gegee word.

### 2.3.2 Leerlingleierskap

Hierdie studie handel oor leierskap op die primêre skoolvlak. Die leerlingleier van die primêre skool is anderssoortig as die leerlingleier van die sekondêre skool. Bredenkamp (1984:124) noem dat alle onderwys, en dus ook die opleiding van leerlingleiers, op 'n voorafbepaalde doel afstuur en dat daar 'n voortdurende uitbreiding van die leef- en leerwêreld van die leerlinge is omdat hulle horisonne verskuif.

Die keuse van leerinhoude, die benadering in die onderrig, die onderrigmetode en die hulp- en leermiddele wat ingeskakel word vir elke fase, en daarom ook vir die primêre skoolfase, moet wetenskaplik en didakties-pedagogies verantwoordbaar wees. Die opleiding van leerlinge en dus ook leerlingleiers behoort op die ontwikkelingsvlak van die leerlinge te geskied. (Bredenkamp, 1984:129)

Uit gesprekke met superintendente, hoofde, departementshoofde en gewone onderwysers wat gemoeid is met onderwys op die primêre skoolvlak in Transvaal, het die vraag ontstaan of leerlingleiers op die primêre skoolvlak geregverdig is. Vervolgens word aandag aan die noodsaaklikheid van leerlingleiers geskenk.

### 2.3.3 Die noodsaaklikheid van leerlingleiers

Besondere leierskap is noodsaaklik om rigting aan gesigspunte, houdings, idees en vermoëns van enige groep te gee. Die optimalisering van die opvoedingsgebeure berus op orde, dissipline en doeltreffendheid, en daarvoor is leerlingleierskap noodsaaklik. Doeltreffende bestuur van leerlingaktiwiteite berus op die identifisering en ontwiikeling van leerlingleiers. Om binne die eis van verantwoordbare onderwys te val, moet die onderwys jeugleiers motiveer om leiding te neem en gelei te word. (Vgl. Prinsloo et al., 1986:326 en Coetzee, 1987:249)

Die resentste Handleiding vir die Opvoedkundige Leiding-program in primêre skole maak ook voorsiening vir die identifisering en ontwikkeling van leerlingleiers. Daar word genoem dat die skool een van die besondere

omgewingsinvloede is wat die ontluiking en ontplooiing van die leiersvermoë kan stimuleer. (TOD, 1987b:5)

Van der Merwe (1976:54) toon aan dat daar in 1975 28,7% potensiële leerlingleiers in sekondêre skole in Suid-Afrika was en stel dit dat die groot aantal potensiële leerlingleiers die noodsaaklikheid van leerlingleiers op skoolvlak beklemtoon.

Uit voorafgaande blyk dit dat leerlingleierskap vandag baie meer aandag behoort te geniet.

Vervolgens word aandag aan die identifisering van leerlingleiers gegee.

**2.4 Leieridentifisering**

**2.4.1 Inleidende opmerkings**

Alvorens met 'n ontwikkelingsprogram vir leerlingleiers voortgegaan word, is dit nodig dat die leerlingleiers geïdentifiseer word. (Vgl. Van der Merwe, 1976:54)

**2.4.2 Identifiseringsprosedures**

Die identifisering van leerlingleiers is 'n langtermynprojek wat nie op 'n lukraak wyse kan geskied nie. Die identifiseringsprosedures, soos gevolg deur skole en veldskole, steun sterk op die prosedures van Pasques (1979:9-18). Volgens Pasques se bevindinge is die leier een van 'n groep, en die identifikasie moet dus vanuit die groep geskied. Prinsloo en Van Rooyen (1986:320) stel dit dat die leerling se optrede binne die groep waargeneem moet word en dat die groep se aanvaarding van die leier 'n groot faktor is wat nie buite rekening gelaat mag word nie. Volgens Coetzee (1987:257) moet daar noulettend gekyk word na die natuurlike optrede van leerlinge asook die mate waarvolgens hulle leiding aanvaar en goedgekeur word.

Heelwat skrywers wys op die waarde van die volgehoue waarneming van leerlinge gedurende die leerling se hele skoolloopbaan met die oog op

identifisering. Die waarneming geskied binne skoolverband op ongestruktureerde wyse, terwyl dit by die veldskole op gestruktureerde wyse geskied. (Vgl. Coetzee, 1987:257)

Tydens die identifisering van leerlinge kan verskillende benaderingswyses gebruik word. Volgens Prinsloo & Van Rooyen (1986:320) kan nie een van die teoretiese benaderings tot leierskap daarop aanspraak maak dat dit 'n afdoende antwoord en 'n volkome model vir die seleksie van leerlingleiers daarstel nie. Coetzee (1987:257) stel die geïntegreerde benadering voor en beweer dat persoonseienskappe, die situasie en die konteks in ag geneem moet word tydens die seleksie van leerlingleiers.

Taylor (1962:55) beskou toetsing as 'n belangrike identifiseringsprosedure by leierskap. Van der Merwe (1976:3-4) het hierdie beginsel van toetsing in 'n groot mate toegepas deur die leerlinge aan 'n siftings-, biografiese en persoonlikheidsvraelys te onderwerp.

Resente skrywers sien die wetenskaplike metingsproses nie as die enigste prosedure om leerlingleiers te identifiseer nie, maar voel dat die leerling 'n gekompliseerde wese is en as sodanig in sy totaliteit raakgesien moet word (Vgl. Prinsloo en Van Rooyen, 1986:320 en Coetzee, 1987:257).

Theunissen (1985:42) beweer dat die wetenskaplike metode soos vraelyste en praktiese situasies nie alleen genoeg is by die identifisering van leerlingleiers nie. Daar moet ook aandag gegee word aan die ongestruktureerde waarneming. Die resultate van die waarneming moet as leidraad dien om die leierspopulasie aan te dui, maar daar moet geleentheid wees vir keuse deur personeel en leerlinge volgens persoonlike oortuigings.

**2.4.3 Persoonlikheidseienskappe by leieridentifisering**

Volgens Taylor (1962:100-102) kan objektiewe en subjektiewe toetse gebruik word om die eienskappe van die leier te bepaal. Die volgende onderafdelings van die verskillende soorte toetse kan in die verband aangewend word:

Objektiewe toetse kan uit houding-, vermoë-, persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste asook akademiese prestasietoetse bestaan. Subjektiewe toetse kan uit aansoekvorms, onderhoudsrekords, merietebepaling, waarderingslyste, persoonlike beskrywings, persoonlike rekords en getuigskrifte bestaan.

Taylor (1962:102) kom tot die gevolgtrekking dat die toetse slegs sekere geneigdhede en moontlike hoedanighede van die leier kan uitwys en dat die finale besluit oor 'n moontlike leier deur persone geneem word.

Van der Merwe (1976:36-42) bied 'n uiteensetting aan van verskillende navorsers se sienings oor persoonlikheidseienskappe wat by leiers aanwesig kan wees. Volgens Cawood & Swartz (1979:9) is die eienskapteorie nie voldoende om die ware leier aan te wys nie, maar hulle gaan dan voort om te meld dat geen ware leier tot ware leierskap kan ontwikkel as hy nie aan die grondvereistes van opregtheid, dienswilligheid, verantwoordelikheidsin, selfbeheersing en betrokkenheid voldoen nie. Coetzee (1987:20) beskou sodanige persoonseienskappe as aanduidend van leierskap, alhoewel daar nie spesifieke eienskappe is waaraan 'n tipiese leier noodwendig moet voldoen nie.

Daar kan dus volstaan word met die stelling dat sekere leierskapeienskappe gesoek word by die identifisering van leiers en dus ook van leerlingleiers. Die eienskappe kan egter nie as allesoorheersend beskou word nie en aandag moet ook aan waarneming in 'n verskeidenheid ander situasies gegee word.

### 2.4.4 Ouderdom by eerste identifisering

Oor die ouderdom waarop die leerling vir die eerste keer as leier geïdentifiseer behoort te word, is daar baie min gegewens. In die resentste handleiding vir die Opvoedkundige Leiding-Program vir Primêre Skole (TOD, 1987b:16) word melding gemaak dat die skool een van die besondere omgewingsinvloede by die ontluiking en ontplooiing van leerlingleiers se vermoë is. Die identifisering van leerlingleiers op primêre skoolvlak is dus vir die TOD 'n saak van erns.

Prinsloo en Van Rooyen (1986:317) beskou die vroeë identifisering van leerlingleiers baie belangrik en bepleit dan die identifisering en ontwikkeling van die mees junior graad 1-klasleiertjie.

Marais (1982:133) en Liebetrau (1987:51) maak melding van die normatiewe sowel as inligtende aspekte van voorligting op die primêre skoolvlak. Omdat leierskap te doen het met sekere norme en waardes en deel uitmaak van die voorligtingsprogram van die primêre skool, kan afgelei word dat die identifisering van leerlingleiers reeds in die junior primêre skoolfase en dan veral ook in graad 1 in Transvaal aandag behoort te kry.

Die vraag ontstaan nou op watter wyse die leieridentifisering aangeteken behoort te word. Die vraag kan dus ook gestel word of dit enigsins nodig is om van geïdentifiseerde leerlingleiers rekord te hou. Die aspek word vervolgens bespreek.

### 2.4.5 Rekordering van leieridentifisering

Pasques (1979:14) maak melding van die kodifisering van leierseienskappe wat op die waarnemingsproforma neergeskryf moet word. Die waarnemingsproforma van Pasques word deur Smith (1982:109) bespreek, en die skrywer meld dat daar vir elke leerling in die skool 'n voogkaart behoort te wees waarop alle gegewens en dus ook die leierspotensiaal van die leerling aangeteken moet word.

By die identifisering van leerlingleiers wys Prinsloo en Van Rooyen (1986:320) op die noodsaaklikheid van kontinue rapportering van leierskapmoontlikhede. Daar word gevoel dat elke stelling wat 'n personeellid oor 'n leerling maak, deur insidente gestaaf moet kan word. Die skrywers meen verder dat verslae van veldskole en ander jeugorganisasies ook onder die aandag van die skool gebring moet word.

Coetzee (1987:257) stel voor dat geïdentifiseerde leerlingleiers aan die hand van 'n vorm onder die aandag van die hoof van die skool gebring moet word. Hy voer verder aan dat die waarneming van leerlinge op 'n kontinue wyse

dwarsdeur die leerling se skoolloopbaan moet geskied. Coetzee is dus 'n voorstander van deurlopende rekordering van moontlike leierskappotensiaal.

Daar moet nou uit die literatuur vasgestel word watter persoon verantwoordelik moet wees vir die identifisering van leierskapmoontlikhede by leerlinge.

**2.4.6 Persone betrokke by identifisering**

Leerlinge is deel van die onderwysstelsel en moet dus ook binne die verskillende groepe in die onderwysbestel waargeneem en geïdentifiseer word. Binne skoolverband is daar onderwyspersoneel en leerlinge wat te doen kry met leerlinge wat oor moontlike leierskappotensiaal beskik. Buite skoolverband is daar jeugorganisasies wat ook 'n rol kan speel om die leerlinge met moontlike leierskappotensiaal te kan identifiseer en die gegewens na die skool kan deurvoer. In die TOD is daar ook veldskole wat hulle besig hou met die identifisering van leerlingleiers.

Die identifisering van leerlingleiers in skole val binne die terrein van die opvoedkundige leiding. Die Departementshoofde Opvoedkundige Leiding is die persone wat deur die TOD aangestel is om die hele aangeleentheid van opvoedkundige leiding by skole te koördineer. Op grond van hierdie feit wys Smith (1982:111) daarop dat die Departementshoof Opvoedkundige Leiding die aangewese persoon is om saam met die hele onderwyspersoneel te poog om die beste leerlingleiers te identifiseer en te ontwikkel.

Coetzee (1987:257) stel voor dat die hele onderwyspersoneel betrokke behoort te wees by die identifisering van die leerlingleiers.

In elke aktiwiteit wat by 'n skool aangebied word, is daar onderwyspersoneel verantwoordelik vir die aktiwiteit. Die onderwyspersoneel is dus die aangewese persone om op 'n ongestruktureerde wyse waarneming van die moontlike leierskappotensiaal waaroor leerlinge binne hulle groep beskik, te doen.

Die kontak tussen leerlinge bied ideale geleenthede vir leerlinge om die beperkinge en uitnemende kenmerke van hulle medeleerlinge te ken. Leerlinge is ook bewus daarvan wie hulle graag in sekere situasies sal wil volg. Om dié rede is dit duidelik dat die veldskole gebruik maak van makkerkeuse by die aanwys van moontlike leerlingleiers. Smith (1982:109) noem dat die makkerkeuse slegs gebruik word om die uiteindelike rangorde te bepaal. Daar is egter baie min gegewens in die literatuur beskikbaar oor die mate waarin leerlingkeuse 'n rol behoort te speel by die aanwys van leerlingleiers.

Tog wys Prinsloo en Van Rooyen (1986:321) op die waarde van verslae van onder meer veldskole en jeugorganisasies om as hulpmiddel by die identifisering van leerlingleiers te dien.

## 2.5 OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS

### 2.5.1 Inleidende opmerkings

In ons skole is daar leerlinge met pragtige latente leierspotensiaal wat ontdek moet word. Langenhoven (1983:43) maak melding van die aangebore en aangeleerde leierskappotensiaal en beskou die ontwikkelingsprogram as bepalend vir die toekomstige uitkomste van die leierspotensiaal.

### 2.5.2 Die noodsaaklikheid van opleiding van leiers

Die graad 1-klasleier kan nie sonder meer aangewys word sonder dat hy/sy vir die taak voorberei word nie. Elke leerling is 'n nie-volwassene wat op pad is na volwassenheid. Dit is die taak van die skool om die leerling na volwassenheid te begelei. Leierskapontwikkeling is deel van die proses om na volwassenheid gelei te word.

Die identifisering en opleiding van leerlingleiers kan nie losgemaak word van mekaar nie. Leerlingleiers word vir verskillende take geïdentifiseer. Om die take na die beste van hulle vermoë te volvoer, is daadwerklike stimulering nodig om die latente potensiaal tot volle ontluiking te laat kom (TOD, 1987:16).

Prinsloo & van Rooyen (1986:322) maak melding daarvan dat leerlinge, wat reeds leiers in die vorige jaar was, as gevolg van nuwe volgelinge en situasies ook verdere en deurlopende opleiding nodig het.

### 2.5.3 Persone betrokke by opleiding

Die primêre opvoedingsituasie was van die begin af die gesin. As gevolg van die geweldige ontwikkeling op haas elke gebied, was die ouers nie meer in staat om hierdie opvoeding aan hulle kinders te gee nie. Nieteenstaande bogenoemde bly die ouer nog die blywendste invloed op die kind op pad na volwassenheid (Pistorius, 1971:60).

Smith (1982:26) maak melding van die ouer en die onderwyser as leidinggewer. Leerlinge is die grootste gedeelte van die oggend en in sommige gevalle (sportspanne, koshuisleerlinge en opvoedkundige toere) ook die hele dag lank onder die toesig en daarom ook onder die beïnvloeding van die onderwyspersoneel van 'n skool.

Prinsloo & Van Rooyen (1986:325) neem die standpunt in dat die taak van die opleiding van leerlingleiers primêr die taak van die onderwyspersoneel behoort te wees. Coetzee (1987:263) huldig dieselfde standpunt en motiveer dit deur te noem dat onderwyspersoneel die beste vertroud is met die leierskapstyl vir 'n bepaalde skool. Theunissen (1985:107) toon aan dat 80,3% van die voogonderwysers en skoolhoofde hulle vertroue uitspreek dat die onderwysers volkome bevoeg is om die opleiding van leerlingleiers te behartig. Daarby neem die onderwyser as persoon 'n hoogs belangrike plek in die ganse problematiek van leerlingleiers in. (Sonnekus, 1979:14)

Alhoewel al die onderwyspersoneel by die opleiding van leerlingleiers betrokke behoort te wees, meen Coetzee (1987:271-273) dat 'n voogonderwyser oor die leerlingleiers aangestel moet word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die meeste skrywers die taak van die opleiding van leerlingleiers aan die onderwyspersoneel opdra. Die taak van persone buite die skool kan egter nie weggeredeneer word nie. In hierdie opsig speel veldskole, die Adjunk-Superintendent van Onderwys

(Jeugaangeleenthede), kultuurorganisasies en volwassenes buite die onderwys (predikante, Sondagskoolpersoneel) 'n belangrike rol.

### 2.5.4 Ouderdom by eerste opleiding

Joubert (1987:58) meld dat die inisiatief, moontlikhede en vermoëns van leerlinge in die junior primêre fase dikwels onderskat word. Aansluitend daarby noem hy dat leiers alreeds in graad 1 geïdentifiseer kan word. Volgens hom het hierdie kinders baie min aanmoediging nodig om rolle te speel, en die aanmoediging kan ons as opleiding van leerlingleiers beskou.

Volgens die RGN-ondersoek (1981) se aanbevelings, soos bespreek deur Marais (1982:133) en Liebetrau (1987:51), moet graad 1-leerlinge reeds by die voorligtingswerksaamhede betrek word. Die RGN-ondersoek wys leerlingleierskap as 'n belangrike faset van die voorligtingsprogram uit.

Elke leerling is 'n potensiële leier. Die laerskoolleerling beskik ook oor leierskapmoontlikhede wat ontwikkel moet word. Selfs die graad 1-klasleiertjie moet met die nodige gesag en besluitnemingsbevoegdheid beklee word, en dit impliseer dat opleiding ten opsigte van moontlike leerlingleiers reeds in graad 1 moet begin. (Vgl. Thompson & Lacerenza, 1985:21 en Prinsloo & Van Rooyen, 1986:317)

Alhoewel daar min literatuur oor die eerste ouderdom by opleiding beskikbaar is, kan daar uit bogenoemde literatuurverwysings afgelei word dat die skrywers dit met mekaar eens is dat die opleiding van leerlingleiers reeds baie vroeg 'n aanvang moet neem.

### 2.5.5 Opleidingsgeleenthede

Om 'n opleidingsprogram daar te stel, word daar van die opleier verwag om die kundigheid, vermoë en doelstellings van toekomstige leiers voor oë te hou. (Thompson & Lacerenza, 1985:22)

Verskeie skrywers is die mening toegedaan dat die opleidingsgeleenthede beplande geleenthede moet wees en dat die leierskapontwikkeling nie net aan

ervaring oorgelaat kan word nie (Coetzee, 1987:264; Sonnekus, 1979:46). Vir Hoërskoolleerlinge en jeugleiers van universiteite maak die literatuur melding van verskeie opleidingsgeleenthede vir jeugleiers.

Gedurende die sewentigerjare het daar in die VSA baie navorsing plaasgevind rondom die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak. Verskillende bronne meld opleidingsgeleenthede op primêre skoolvlak (Opsommings van Eric CD-Rom-soektog).

In die RSA is daar baie min gegewens in die literatuur beskikbaar oor die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak. Wat die TOD betref, word daar in die veldskoolprogram voorsiening gemaak vir die identifisering van st. 5-leerlinge. Hierdie leerlinge word gedurende besoek aan die veldskole ook opgelei om as leerlingleiers op te tree. Gegewens is ook nie beskikbaar of die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak binne of buite skoolverband moet plaasvind nie. Daar is dus 'n behoefte om vas te stel watter opleidingsgeleenthede in primêre skole in Transvaal bestaan en of die opleiding binne of buite skoolverband moet geskied.

**2.5.6 Opleiding van verantwoordelike personeel**

Om leiding te kan gee aan die leerlinge wat aan hom/haar toevertrou word, sal daar in die toekoms meer en meer van die onderwyser verwag word. Langenhoven (1983:46) is van mening dat daar spesifieke opleiding oor leierskap aan persone op universiteite moet wees. Die skrywer stel voor dat 'n magistergraad in leierskap by universiteite in die verskillende vakrigtings soos die politiek, handel en onderwys ingestel moet word.

Volgens Prinsloo & Van Rooyen (1986:325) is die onderwyspersoneel direk gemoeid met en verantwoordelik vir die leerlingaktiwiteite wat deel van die opvoedingsprogram uitmaak. Die opleiding van leerlingleiers is deel van die opvoedingsprogram, en as sodanig moet die personeel oor die nodige kundigheid beskik om van die opleiding van leerlinge 'n sukses te maak.

Die belangrikheid van die onderwyspersoneel in die identifisering en opleiding van leerlingleiers word deur verskeie skrywers beklemtoon. Melding

word gemaak van die sorgvuldige keuring en intensiewe opleiding wat die personeel verantwoordelik vir moontlike leerlingleiers, behoort te ondergaan. (Gibbon, 1985:36) Die skrywer is van mening dat dit nie die geboue en grootte van die klasse is wat die klimaat in die skool skep nie, maar hy wys op die belangrikheid van professionele groei binne die skool.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat onderwysers oor die nodige agtergrond moet beskik om leerlingleiers op te lei. Die literatuur verskaf min gegewens oor die stand van onderwysopleiding ten opsigte van leerlingleiers in primêre skole, en daarom behoort dit opgeneem te word in 'n vraelys aan skole in Transvaal.

## 2.6 DIE TAKE VAN LEERLINGLEIERS

### 2.6.1 Inleidende opmerkings

Die meeste skrywers is dit met mekaar eens dat daar in die gewone skoolopset genoeg geleenthede is waar leerlingleiers die geleentheid gebied kan word om as leerlingleiers op te tree. (Vgl. Young, 1986:30; Coetzee, 1987:249)

Die take van die leerlingleiers behels eenvoudige take soos busdiens tot meer komplekse take soos die uitvoering van gemeenskapsdiens en liefdadigheidsaksies. (Coetzee, 1987:265) Leerlingleiers wat nie vir spesifieke take geïdentifiseer en opgelei word nie, kom nie die mas op nie. Leerlingleiers moet die geleentheid gebied word om met gesag sekere besluite te kan neem. Om leerlingleiers in sekere posisies te plaas waarvoor hy nie opgewasse is nie, kan meehelp dat die hele stelsel van leerlingleierskap op skool kan misluk. Young (1986:30) maak melding van die groot hoeveelheid geleenthede waar leerlingleiers na vore kan tree sonder om in posisies gedwing te word.

### 2.6.2 Verskillende take van leerlingleiers

Die groeptaak, lede van die groep se behoeftes en die eenheid van die groep bepaal die funksies van die leier. Die voorafgaande moet in gedagte gehou word indien die leier wil verseker dat daar op doeltreffende wyse na die groep

se belange omgesien word en die leier sukses wil behaal. (Schoeman, 1980:24) Die verskillende take van die leier sal afhang van die skool se doelstellings, en dit gee rigting aan die aktiwiteite van die skool. (Gorton, 1983:3) Die leier moet individuele lede van die groep respekteer en help ontwikkel. (Adair, 1983:48)

Uit die literatuur blyk dit nie duidelik of daar op primêre skoolvlak sekere take vir spesifieke leerlingleiers uitgewys word nie. Om hoofde en onderwysers verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers, se gesindheid teenoor die verskillende take in die primêre skool in Transvaal vas te stel, sal die aspek in 'n vraelys opgeneem word.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar eerstens besin oor die begrippe leerlingleiers, opleidingsdoelstellings, opleidingsgeleenthede en opleidingsvorme. Vervolgens is 'n bespreking aan leierskap, soos in die literatuur vervat, gewy. Aandag is aan leierskap in die algemeen asook aan leerlingleierskap gegee. Onder leerlingleierskap is aandag aan die noodsaaklikheid, identifisering en opleiding van leerlingleiers gegee. Die verskillende take van die leerlingleiers is onder oë geneem.

In hoofstuk 3 sal aandag aan die metodes van 'n empiriese ondersoek gegee word.

*HOOFSTUK 3*

# *METODE VAN ONDERSOEK*

## 3.1 Inleiding

'n Literatuurstudie is in Hoofstuk 2 onderneem om vas te stel wat die huidige stand van leerlingleierskap in primêre skole is. Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat baie min gegewens oor die identifisering en opleiding van leerlingleiers in primêre skole in die RSA beskikbaar is. Ten einde meer duidelikheid oor die huidige stand van leerlingleierskap in primêre skole in Transvaal te kry, is besluit om empiries vas te stel wat die situasie tans is.

Die empiriese ondersoek sal in hierdie hoofstuk teoreties begrond word. 'n Motivering vir die vraelys as die toepaslikste tegniek word gegee. Daar word ook gefokus op die begeleidende briewe, vraelyste wat uitgestuur is asook die mate terugontvangste.

## 3.2 Doel met die empiriese ondersoek

Die doel met die ondersoek was om empiriese te bepaal wat:

- die huidige stand van leerlingleierskap in die primêre skole in Transvaal is;
- die houding van hoofde en onderwysers verantwoordelik vir leerlingleiers, oor leerlingleierskap op primêre skoolvlak is;
- en indien dit uit die empiriese ondersoek sou blyk dat daar 'n behoefte aan die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal is, te kom met enkele aanbevelings.

### 3.3 Tipes ondersoekmetodes en die keuse van die meetinstrument

#### 3.3.1 Inleiding

Die doel met die empiriese ondersoek is in paragraaf 3.2 vermeld. Om die doelstellings te bereik en om aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes te voldoen, is aandag aan onderhoudvoering deur persoonlike besoeke en vraelyste aan hoofde en onderwysers verantwoordelike vir die leerlingleiers van primêre skole in Transvaal, geskenk.

#### 3.3.2 Keuse van meetinstrument

Na oorweging van bogenoemde twee metodes vir navorsing het die geblyk dat die persoonlike onderhoud die beste metode is om die gewenste inligting te bekom. 'n Vollediger beeld van die huidige situasie van leerlingleierskap in die primêre skole in Transvaal sou bepaal kon word indien daar by elke skool 'n persoonlike onderhoud gevoer kon word, maar weens die tydrowendheid en vanuit 'n finansiële oogpunt beskou, is op die vraelys besluit. Die vraelys as meetinstrument word nou onder die loep geneem.

### 3.4 Die vraelys as meetinstrument

#### 3.4.1 Inhoudelike van die vraelys

Volgens Cohen en Manion (1980:83) moet daar besluit word of die items noodsaaklik is, wat die gebruikswaarde daarvan is, of meer as een item vir 'n spesifieke afdeling nodig is, of die respondente werklik die nodige agtergrond het om die vrae te beantwoord en of die vrae vry van veralgemening is.

Met betrekking tot die beantwoording van die vrae moet daar veral gelet word op die verkeerde beklemtoning van die items as gevolg van dubbelsinnigheid, of die vraag alternatiewe duidelik stel, of daar enige onderliggende implikasie in die bewoording voorkom, of die vraag die persoon tot sekere gevoelsmatighede lei en of die vraag objektiwiteit by die respondent aanwakker, of 'n meer persoonlike bewoording 'n beter resultaat en of 'n direkte/indirekte vraagstelling beter antwoorde sal oplewer.

Ten opsigte van die plasing van die vrae in 'n bepaalde volgorde, moet besluit word of die antwoord op die vraag deur voorafgaande vrae beïnvloed word, of daar sistematiese opeenvolging in die vrae is en of die volgorde van die vrae van so 'n aard is dat dit die belangstelling en aandag of die vermyding en aggressie van die respondente sal uitlok. (Cohen en Manion, 1980:83)

### 3.4.2 Uiterlike van die vraelys

Die uiterlike voorkoms van die vraelys sal die mate van korrektheid en terugvoering bepaal.

Die vraelys moet aantreklik vertoon, duidelik bewoord en ontwerp en goed gestruktureer wees. Groter trefkrag en 'n beter voorkoms kan deur gekleurde papier, definitiewe blokkies vir response en groepering van vrae onder subhoofde bewerkstellig word. Duidelike instruksies en rangskikking van vrae volgens moeilikheidsgraad kan onduidelikheid uit die weg ruim en beter terugvoering bewerkstellig. (Cohen en Manion, 1980:86)

## 3.5 Die empiriese ondersoek

### 3.5.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal aan die tipe skole asook die aantal skole wat by die ondersoek betrek is, aandag gegee word. Daar sal ook gefokus word op die samestelling van die vraelys wat as meetinstrument gebruik is.

### 3.5.2 Keuse van die tipe skole

Onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement is daar 698 primêre skole. Hierdie skole word verdeel volgens hulle taalmedium en grootte. As gevolg van praktiese probleme en omdat die Engelsmediumskole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement 'n eiesoortige karakter het, is besluit om hierdie ondersoek slegs op die primêre Afrikaans- en dubbelmediumskole toe te spits. Die 512 primêre Afrikaans- en dubbelmediumskole word volgens grootte en aantal in tabel 3.1 aangebied.

**TABEL 3.1:**

| Tipe skool | Leerlingtal | Aantal skole |
|---|---|---|
| P1-skole | 550 en meer | 176 |
| P11-skole | 150-549 | 203 |
| P111-skole | 50-149 | 90 |
| P1V-skole | 49 en minder | 43 |

Al die grootte skole het almal te doen met die identifisering en opleiding van leerlingleiers en is dus by die steekproef betrek.

### 3.5.3 Steekproefneming

Die meeste bronne bespreek die ewekansige, gestratifiseerde, sistematiese, tros en twee- en meerfasige steekproef (De Wet et al., 1981:110+). Om te verseker dat die steekproef wel verteenwoordigend van die populasie is, is daar besluit om van die ewekansige steekproefmetode in die ondersoek gebruik te maak. 'n Ewekansige steekproef is 'n metode waardeur elke kandidaat van die populasie 'n gelyke kans het om in die steekproef getrek te word.

### 3.5.4 Steekproefgrootte

Die grootte van die steekproef is vir die empiriese ondersoek van baie groot belang. Barnett (1974:33) se formule om die steekproefgrootte te bepaal is deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO aangepas en sien soos volg daaruit:

$$n = \frac{N}{\frac{1 + (ND)}{10000}}$$

$n =$ steekproefgrootte
$N =$ populasie
$D =$ akkuraatheid

Sou die akkuraatheid as 8 gebruik word, is die steekproefgrootte soos volg:

$$n = \frac{506}{\frac{1 + (506 \times 64)}{10000}} \qquad n = 119$$

Daar is dus 'n 92% waarskynlikheid dat die steekproefgrootte korrek sal wees. Die 119 verteenwoordig 24% van die populasie. Om voorsiening te maak vir die moontlikheid dat 'n aantal vraelyste nie terugontvang sal word nie, is die steekproef vergroot na 145, wat 29% van die populasie verteenwoordig. 'n Steekproef van 29% behoort te verseker dat dit verteenwoordigend is.

### 3.5.5 Aanduiding van die uitkomste van die steekproefneming

Van die 512 primêre Afrikaans- en dubbelmediumskole is 6 skole buite rekening gelaat. Vyf skole is by 'n loodsprogram betrek en as sodanig vir die finale steekproef buite rekening gelaat asook die skool waaraan die navorser verbonde is. Die oorblywende 506 skole is genommer op 'n alfabetiese lys wat van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang is. Vir die steekproef is die tabelle met ewekansige getalle van Kendall en Smith (Ary et al., 1972:164-166) gebruik.

'n Aanduiding van die aantal skole in elke grootte word in tabel 3.2 weergegee.

**TABEL 3.2:**

| Tipe skool | Aantal skole | Steekproef | % van Populasie |
|---|---|---|---|
| P1 | 171 | 46 | 27 |
| P11 | 202 | 64 | 33 |
| P111 | 90 | 25 | 25 |
| P1V | 43 | 10 | 23 |
| TOTAAL | 506 | 145 | 29 |

### 3.5.6 Keuse van proefpersone

Daar is besluit om twee vraelyste aan elke skool te stuur. Een moes deur die hoof en een deur die onderwyser verantwoordelik vir die leerlingleiers in die skool, ingevul word. Daar is op bogenoemde besluit omdat skoolhoofde 'n besondere leierskapsrol in die skool het en hulle ervaring en kennis van die skoolopset en die laerskoolkind dit noodsaaklik vir die ondersoek maak. Daar is ook van die veronderstelling uitgegaan dat hoofde 'n belangrike inset op die terrein van leerlingleiers sou wou lewer.

Die onderwyser verantwoordelik vir die leerlingleiers in die skool, word gewoonlik deur die hoof aangewys. Die aanwysing kan geskied uit hoofde van die aantal jare diens, die besondere aanvoeling wat die persoon met die leerlinge van die skool het of deur die besondere pos wat die persoon beklee. Daar is voorts van die veronderstelling uitgegaan dat dié onderwyser daagliks met die leerlingleiers van die skool gemoeid is en dus 'n besondere inset in die hele ondersoek kan lewer.

### 3.5.7 Samestelling van die vraelys

#### 3.5.7.1 Die noodsaaklikheid van die vraelys om gegewens in te win

Met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek en na aanleiding van die bevindings van die literatuurstudie is daar besluit om meer inligting oor die volgende aangeleenthede in te win:

(a) Uit die literatuurstudie blyk dit nie duidelik watter tipe persoon ten opsigte van jare diens, ondervinding en gesindhede vir die leerlingleiers van die skool verantwoordelik is nie. Omdat daar verskillende groottes skole is en omdat elke skool in 'n stedelike, semi-stedelike en plattelandse omgewing geleë kan wees, is besluit om meer gegewens oor die skool en die verantwoordelike personeel van leerlingleiers in te win. (Vgl. paragraaf 2.4.6)

(b) Die noodsaaklikheid van leerlingleiers in die primêre skole asook die tipe leerlingleiers word in 'n mate beklemtoon. Daar moet dus vasgestel word of die oorgrote persentasie primêre skole wel die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak onderskryf. Voorts moes daar vasgestel word watter persentasie die leerlingleiers van die totale populasie van die skool behels en watter tipe leiers in die skool gebruik word. Inligting oor die verskillende standerds waarin leerlingleiers van die skool betrek word, moet ook bepaal word. (Vgl. paragraaf 2.3.3)

(c) Uit die literatuur blyk dit nie duidelik op watter wyse leieridentifisering op die primêre skoolvlak geskied nie. Die wyse en mate van leieridentifisering moet bepaal word. (Vgl. paragraaf 2.4.2)

(d) Die ouderdom waarby leerlinge as leiers geïdentifiseer word, moet by die skole gekontroleer word. Daar moet ook vasgestel word of die leierspotensiaal van die begin van die leerling se skoolloopbaan af raakgesien word en of dit enigsins 'n rol by die moontlike identifisering van leerlinge op 'n latere tydstip speel. Om dit te bepaal moet daar vasgestel word of die leierskapmoontlikhede reeds van die begin af op rekord geplaas word. (Vgl. paragraaf 2.5.4)

(e) Die literatuur verwys na bepaalde leierseienskappe wat manifesteer en wat by die identifisering van leiers in ag geneem word. By die skole sal gekontroleer word of daar enige eenstemmigheid is oor die leierskapeienskappe wat 'n rol speel by die identifisering van leerlingleiers. (Vgl. paragraaf 2.4.3)

(f) Die noodsaaklikheid van die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak is vanuit die literatuur bestudeer. Daar sal vasgestel word of hoofde en onderwysers verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal, dieselfde standpunte huldig. (Vgl. paragraaf 2.5.2)

(g) Die mate van opleiding van leerlingleiers, die ouderdom by die eerste opleiding en die soort opleidingsprogram geniet besondere aandag om 'n moontlike opleidingsprogram vir primêre leerlingleiers daar te stel. Die skoolpersoneel is die aangewese persone om meer inligting oor die opleidingsprogram te verstrek. (Vgl. paragraaf 2.5.5)

(h) Die literatuur toon nie duidelik aan watter persoon die verantwoordelikheid van die opleiding van leerlingleiers moet aanvaar nie. Hoofde van primêre skole en die onderwysers verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers, kan hieroor meer gegewens verstrek. (Vgl. paragraaf 2.5.3)

(i) Of die personeel oor die nodige agtergrondskennis en kundigheid beskik om die opleiding van leerlingleiers behoorlik te laat plaasvind, kon nie uit die literatuur vasgestel word nie. Daar moet meer inligting oor die huidige stand van kundigheid van die personeel by die opleiding van leerlingleiers bekom word. (Vgl. paragraaf 2.5.6)

(j) Die hou van vergaderings en vergaderingsprosedures by leerlingleiers is belangrik vir die opleiding van leiers. Dié aspek kan uit 'n item of items in die vraelys vasgestel word. (Vgl. paragraaf 2.6.2)

(k) Alvorens die opleiding 'n aanvang neem, moet die spesifieke take van die leerlingleiers gespesifiseer word. Die voorkeurorde van belangrikheid van die verskillende take, soos wat dit in die literatuurstudie na vore gekom het, moet aan die hand van die voorkeurorde van die verskillende skole bepaal word. (Vgl. paragraaf 2.6.2) Die vraelys sal aan die hand van die gegewens, soos vervat in paragraaf 3.4.2, ontwerp word. Die verwerking van die data sal deur die Departement Rekenaardienste van die PU vir CHO gedoen word, en die vraelys sal opgestel word ten einde aan die Departement Rekenaardienste se vereistes te voldoen.

**3.5.7.2 Soorte items in die vraelys**

By die soorte items is aandag geskenk aan die gestruktureerde en niegestruktureerde items. Omdat die navorser die respondente se gedagtes by

spesifieke afdelings wou behou, is daar baie aandag aan 'n groot aantal gestruktureerde veelkeusige items gegee. Die items moet ook verseker dat die vraelys maklik en vinnig ingevul kan word om tot 'n hoë terugvoering by te dra. Omdat nie al die veelkeusige items vir al die respondente se besondere voorkeure voorsiening maak nie, is daar ook by sekere vrae "ander" moontlikhede ingesluit. Drie ope-items is in die vraelys ingesluit om aan die respondente geleentheid te gee om eie menings, aanbevelings en wenke aan die hand te doen. (Vgl. 3.5.7.2)

**3.5.7.3 Eerste redaksie van die vraelys**

Die voorlopige vraelys is aan die Transvaalse Onderwysdepartement en die navorsingskomitee vir kommentaar voorgelê. Skriftelike goedkeuring is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om die voorlopige vraelys vir 'n loodsondersoek in 'n aantal primêre skole in Transvaal, wat ewekansig getrek is, te gebruik. (Bylae 1) Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n ewekansige steekproef van 5 skole getrek, en hierdie 5 skole is by die loodsondersoek betrek. Van die 5 skole is 4 se vraelyste terugontvang.

**3.5.7.4 Ontwerp van die finale vraelys**

Na afloop van die loodsondersoek is enkele redaksionele wysigings nodig geag. Vrae wat enigsins onduidelik en dubbelsinnig is, is herformuleer. Die tweede redaksie is met die studieleier bespreek en aanbevelings is gebruik om die vraelys verder te verfyn. Die tweede redaksie van die vraelys is aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir goedkeuring voorgelê. Skriftelike goedkeuring is ontvang om dit aan 145 skole vir invul te stuur. (Vgl. Bylaag 2)

**3.5.7.5 Verskillende aspekte van die finale vraelys**

(a) **Verskillende temas wat deur die vraelys gedek word**

In afdeling A (Vrae 1-10) word die demografiese gegewens van die respondente, in afdeling B (vrae 12-19) die wyse van leieridentifisering, in

afdeling C (vraag 20) die bepalende persoonlikheidseienskappe, in afdeling D (vrae 21-31) die opleiding van leerlingleiers en in afdeling E (vraag 32) die verskillende take van leerlingleiers aangebied.

(b) **Anonimiteit van die vraelys**

'n Kodenommer is aan die vraelys gekoppel om 'n opvolgondersoek en die vertroulikheid van die inligting te verseker. 'n Afskrif van die toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement is by die vraelys ingesluit. Die vraelyste is op 1 Junie 1988 aan die betrokke skole versend, en die keerdatum is as 16 Junie 1988 aangedui.

(c) **Uiterlike voorkoms van die vraelys**

Op die voorblad is die naam van die vraelys, instruksies aan die respondent en 'n voorbeeld vir die invul van die vraelys gegee. Die uiterlike vorm van die res van die vraelys is aan die hand van die vroeër genoemde kriteria gedoen. (Vgl. paragraaf 3.4.2)

(d) **Terugontvangste**

Op die keerdatum van 16 Junie 1988 is daar 106 van die 145 skole se vraelyste terugontvang. Dit verteenwoordig 72% van die moontlike aantal skole. Drie van die skole se vraelyste was oningevul. (Vgl. paragraaf 3.5.7.5 nommer e)

In tabel 3.3 word die aantal vraelyste wat aan hoofde uitgestuur is en die terugontvangste aangebied.

**TABEL 3.3**

**VRAELYSTE AAN HOOFDE EN TERUGONTVANGSTE**

| | P1 | P11 | P111 | P1V | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Getal uitgestuur | 46 | 64 | 25 | 10 | 145 |
| Getal terugontvangste | 34 | 42 | 19 | 8 | 103 |
| % terugontvangste | 74 | 66 | 76 | 80 | 71 |

In tabel 3.4 word die aantal vraelyste wat aan die onderwysers verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers, uitgestuur is en die terugontvangste aangebied.

**TABEL 3.4**

**VRAELYSTE AAN ONDERWYSERS VERANTWOORDELIK VIR OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS, EN TERUGONTVANGSTE**

| | P1 | P11 | P111 | P1V | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Getal uitgestuur | 46 | 64 | 25 | 10 | 145 |
| Getal terugontvangste | 34 | 48 | 15 | 6 | 103 |
| % terugontvangste | 74 | 75 | 60 | 60 | 71 |

Volgens Hopkins (1976:145) is 50%-terugontvangste bevredigend, 60%-terugontvangste goed en 70%-terugontvangste baie goed. As gevolg van 71%-terugontvangste is daar besluit om nie 'n opvolgbrief uit te stuur nie.

(e) **Gevolgtrekking**

Daar is aanvaar dat daar sommige van die skole sal wees wat die vraelyste nie sal terugstuur nie. Die volgende kan dien as moontlike verklarings vir eersgenoemde stelling:

- Hoofde is nie bereid om saam te werk nie;
- hoofde en onderwyspersoneel is huiwerig om deel te neem aan 'n nie-departementele ondersoek;
- vraelyste kon in die pos verlore geraak het;
- P1V-skole het net een persoon wat die leiding ten opsigte van die opleiding van leerlingleiers neem;
- van die skole het die brief van die Transvaalse Onderwysdepartement wat bo-op die vraelyste was, raakgesien en die vraelyste aan die navorser oningevul teruggestuur met die vermoede dat die pos verkeerd geadresseer was;
- hoofde en onderwysers het nagelaat om die vraelyste te voltooi.

### 3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek eerstens gemotiveer. Die keuse van enkele ondersoekmetodes is bespreek, waarna aandag gegee is aan die vraelys as meetinstrument. Die keuse van die proefpersone is beredeneer, en aandag is aan die samestelling van die vraelys gegee.

In hoofstuk 4 word die resultate van die vraelysresponse bespreek.

## *HOOFSTUK 4*

## *AANBIEDING, ANALISE EN INTERPRETASIE VAN DIE VRAELYSRESPONSE*

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die vraelysresponse geanaliseer en geïnterpreteer. Die response van hoofde en die onderwysers verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal sal gesamentlik behandel word, en waar noemenswaardige verskille voorkom, sal die response apart bespreek word.

### 4.2 Demografiese gegewens van die respondente

In hierdie paragraaf word die response op vrae 1,2,4 en 6 kortliks bespreek, terwyl vrae 3,5 en 7 vollediger aangebied en geïnterpreteer sal word.

#### 4.2.1 Vraag 1,2,4 en 6

Vraag 1 in die vraelys het die geslag, vraag 2 die ouderdomskategorie, vraag 4 die medium van onderrig van die skole en vraag 6 die ligging van die skole van die respondente bepaal.

'n Analise van die response toon dat 84,5% (174 uit 206) van die respondente manlik en 15,5% (32 uit 206) vroulik was. Die grootste persentasie hoofde (46,6%) kom in die ouderdomskategorie 41 - 50 jaar voor, terwyl die grootste persentasie onderwysers (50,5%) in die ouderdomskategorie 31 - 40 jaar voorkom. Die grootste persentasie van die gesamentlike groep (42,7%) kom in die ouderdomskategorie 41 - 50 jaar voor.

By die gesamentlike getal respondente is 88,8% (183 uit 206) aan Afrikaansmedium- en 11,2% (23 uit 206) aan dubbelmediumskole verbonde. Geen respondent is aan 'n Engelsmediumskool verbonde nie (Vgl. paragraaf 3.5.2). 'n Analise van die response toon dat 27,2% (67 uit 206) skole in stedelike gebiede, 21,4% (44 uit 206) in semi-stedelike en 51,0% (105 uit 206) skole in plattelandse gebiede geleë is.

Omdat vrae 1,2,4 en 6 geen beduidende invloed op die response van die ander vrae in hierdie studie het nie, sal die vrae nie verder geïnterpreteer word nie.

### 4.2.2 Vraag 3

Met vraag 3 in die vraelys is die gradering van die skool waaraan die respondente verbonde was, bepaal. Response op hierdie vraag word in tabel 4.1 aangebied.

**TABEL 4.1**

**Vraag 3:** "Wat is die gradering van u skool?"

| Gradering | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| P1 | 34 | 33,0 | 34 | 33,0 | 68 | 33,0 |
| P11 | 42 | 40,8 | 48 | 46,6 | 90 | 43,7 |
| P111 | 19 | 18,4 | 15 | 14,6 | 34 | 16,5 |
| P1V | 8 | 7,8 | 6 | 5,8 | 14 | 6,8 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.2.2.1 Analise van die response

Volgens die gegewens in Tabel 4.1 is al vier groottes skole in die ondersoek verteenwoordig.

#### 4.2.2.2 Interpretasie

Uit die gegewens van tabel 4.1 blyk dit dat daar 'n wanverhouding tussen die tipe skool en die persentasie terugontvangste is. 'n Vergelyking van die terugontvangste van tabel 4.1 met die gegewens van tabel 3.4 toon dat P1-skole deur 73,9% (68 uit 92), P11-skole deur 70,3% (90 uit 128), P111-skole deur 68% (34 uit 50) en P1V-skole deur 70% (14 uit 20) terugontvangste verteenwoordig word. Die verskillende groottes skole het gemiddeld 70% terugontvangste per tipe skool opgelewer. Die gradering van elke tipe skool

(vraag 3) kan dus met vraag 11 (noodsaaklikheid van leerlingleiers in primêre skole) vergelyk word.

### 4.2.3 Vraag 5

Met vraag 5 is die aantal jare onderwyservaring van die respondente bepaal. (Bylaag 3 Vraag 5) Response op hierdie vraag word in tabel 4.2 aangebied.

**TABEL 4.2:**

**Vraag 5:** "Hoeveel onderwyservaring in voltooide jare het u?"

| Ervaring | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-05 | 0 | 0,0 | 3 | 2,9 | 3 | 1,5 |
| 6-10 | 3 | 2,9 | 28 | 27,2 | 31 | 15,0 |
| 11-15 | 13 | 12,6 | 26 | 25,2 | 39 | 18,9 |
| 16-20 | 17 | 16,5 | 16 | 15,5 | 33 | 16,0 |
| Bo 20 | 70 | 68,0 | 30 | 29,1 | 100 | 48,5 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.2.3.1 Analise van die response

Van al die respondente beskik 68,0% hoofde en 29,1% onderwysers oor meer as 20 jaar onderwyservaring.

#### 4.2.3.2 Interpretasie

Na aanleiding van response in tabel 4.2 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat hoofde, as gevolg van hulle onderwyservaring, by die ondersoek ingesluit moes word, en die afleiding kan gemaak word dat die hoofde, as gevolg van hulle groot aantal jare onderwyservaring, tog 'n waardevolle bydrae tot die ondersoek kan lewer.

Die aanname dat hoofde die ervare en bekwaamste personeellede by die leerlingleiers se identifisering en opleiding sal betrek, is bevestig deurdat 29,1% van die onderwysers oor 20 jaar en meer onderwyservaring beskik.

### 4.2.4 Vraag 7

Vraag 7 in die vraelys het die graad van die respondente se pos by die skool bepaal. (Bylaag 3 Vraag 7) Response op hierdie vraag word in tabel 4.3 aangebied.

**TABEL 4.3:**

**Vraag 7:** "Wat is die graad van die pos wat u tans beklee?"

| Graad van pos | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoof | 103 | 100,0 | 0 | 0,0 | 103 | 50,0 |
| Adjunk-hoof | 0 | 0,0 | 7 | 6,8 | 7 | 3,4 |
| Departementshoof | 0 | 0,0 | 77 | 74,8 | 77 | 37,4 |
| Meriete-Onderwyser | 0 | 0,0 | 13 | 12,6 | 13 | 6,3 |
| Gewone onderwyser | 0 | 0,0 | 6 | 5,8 | 6 | 2,9 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.2.4.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 100% (103 uit 103) hoofde die vraelys ingevul het, terwyl die grootste persentasie, naamlik 74,8% (77 uit 103), departementshoofde die vraelys ingevul het.

#### 4.2.4.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.3 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat personeel in die topstruktuur vir die hantering van leerlingleiers van die skole verantwoordelik sal wees. Die

afleiding wat gemaak kan word, is dat die leerlingleiers in die hande van die topstruktuur van die skole is omrede slegs 2,9% van alle vraelyste wat terugontvang is, deur gewone onderwysers ingevul is. Die grootste persentasie vraelyste (74,8%) is deur departementshoofde ingevul.

### 4.3 Soorte leerlingleiers en die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak

In hierdie paragraaf word die response op vrae 8 tot 11 aangebied en geïnterpreteer.

#### 4.3.1 Vraag 8

Aan die hand van vraag 8 in die vraelys is die standerds waaruit die leerlingleiers in primêre skole in Transvaal getrek word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 8) Response op hierdie vraag word in tabel 4.4 aangebied.

**TABEL 4.4:**

**Vraag 8:** "Uit watter standerds kom die leerlingleiers in u skool?"

| St. | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| St. 5 | 46 | 44,7 | 48 | 46,6 | 94 | 45,6 |
| St. 4 & 5 | 40 | 38,8 | 37 | 35,9 | 77 | 37,4 |
| St. 3,4 & 5 | 17 | 16,5 | 18 | 17,5 | 35 | 17,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

##### 4.3.1.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat die grootste persentasie, naamlik 45,6% (94 uit 206), respondente aandui dat die leerlingleiers uit st. 5-leerlinge getrek word, terwyl 17% (35 uit 206) respondente rapporteer dat leerlingleiers uit st. 3,4 en 5 getrek word.

#### 4.3.1.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.4 kan die volgende afleidings gemaak word:

Volgens die gegewens in tabelle 4.1 en 4.4 blyk dit dat die meeste skole voorkeur aan leerlingleiers in st. 5 gee, maar dat by 'n relatief groot persentasie ook die gebruik is om st. 3- en st. 4-leerlinge die geleentheid te bied om in leierposisies aangewys te word. Waarskynlik word dit gedoen om aan die leerlinge die geleentheid te bied om ervaring op te doen.

### 4.3.2 Vraag 9

Met vraag 9 in die vraelys is die persentasie leerlingleiers, in verhouding met die skoolpopulasie, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 9) Response op hierdie vraag word in tabel 4.5 aangebied.

**TABEL 4.5:**

**Vraag 9:** "Watter persentasie van u skool se populasie is leerlingleiers?"

| Persentasie | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-10 | 73 | 70,9 | 76 | 73,8 | 149 | 72,3 |
| 11-20 | 23 | 22,3 | 20 | 19,4 | 43 | 20,9 |
| 21-30 | 6 | 5,8 | 6 | 5,8 | 12 | 5,8 |
| 31-40 | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Bo 40 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.3.2.1 Analise van die response

72,3% (149 uit 206) van die respondente het aangetoon dat 0-10% van die skole se leerlingpopulasies as leerlingleiers betrek word.

#### 4.3.2.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.5 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste skole betrek slegs 0-10% leerlingleiers van die totale skoolpopulasie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die grootste persentasie skole, naamlik 45,6% slegs st. 5-leerlinge as leerlingleiers gebruik. (Vgl. tabel 4.4)

'n Vergelyking van die gegewens in tabelle 4.1 en 4.5 toon dat 71,36% (147 uit 206) van die verskillende tipe skole 0-10% van die leerlingpopulasie as leerlingleiers gebruik. 'n Verklaring hiervoor is onder meer dat die P1V- en P111-skole in 'n ope item gemeld het dat die skole oor te min leerlinge beskik, en daarom word die meeste st. 5-leerlinge as leiers betrek.

### 4.3.3 Vraag 10

Met vraag 10 in die vraelys is die soort leerlingleiers bepaal. Response op hierdie vraag word in tabel 4.6 aangebied.

**TABEL 4.6:**

**Vraag 10:** "Watter tipe leiers word daar in u skool gebruik?"

| Tipe leiers | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gewone leiers | 6 | 5,8 | 6 | 5,8 | 12 | 5,8 |
| Skoolleiers en ander leiers | 97 | 94,2 | 97 | 94,2 | 194 | 94,2 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.3.3.1 Analise van die response

94,2% van die respondente toon dat daar in die skole van die gewone skoolleiers asook van ander tipe leerlingleiers gebruik gemaak word. Slegs

5.8% (12 uit 206) van die respondente toon dat net gewone skoolleiers by die skole gebruik word.

#### 4.3.3.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.6 kan die volgende afleidings gemaak word:

Primêre skole in Transvaal beweeg weg van die tradisionele prefekstelsel waar daar slegs gewone leerlingleiers gebruik is. Ander tipe leerlingleiers soos mediasentrumleiers, padpatrollieleiers, noodhulpleiers en brandspanleiers word nou in die skole gebruik. Dit wil voorkom asof skole 'n poging aanwend om verskillende soorte leiers in die skole te gebruik.

### 4.3.4 Vraag 11

Vraag 11 in die vraelys het die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak in Transvaal bepaal. (Bylaag 3 Vraag 11) Response op hierdie vraag word in tabel 4.7 aangebied.

**TABEL 4.7:**

**Vraag 11:** "Hoe noodsaaklik beskou u die gebruik van leerlingleiers op primêre skoolvlak?"

| Noodsaaklikheid | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie noodsaaklik | 80 | 77,7 | 79 | 76,7 | 159 | 77,2 |
| Gemiddelde | 22 | 21,4 | 22 | 21,4 | 44 | 21,4 |
| Min noodsaaklik | 1 | 1,0 | 2 | 1,9 | 3 | 1,5 |
| Nie noodsaaklik | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.3.4.1 Analise van die response

Volgens 98,6% (203 uit 206) van die respondente is leerlingleiers noodsaaklik tot baie noodsaaklik.

#### 4.3.4.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.7 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die aanname kan gemaak word dat die noodsaaklikheid van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal hoog gestel word.

'n Moontlike verklaring waarom slegs 35,7% respondente van P1V-skole dit as noodsaaklik beskou, is dat die skole oor te min leerlinge beskik of dat die meeste van die leerlinge in leiersposisies opgeneem word sonder om hulle as leerlingleiers aan te wys.

## 4.4 Die identifisering van leerlingleiers

In hierdie paragraaf word die response van vraag 12 tot 19 aangebied en geïnterpreteer.

### 4.4.1 Vraag 12

Met vraag 12 in die vraelys is die hoeveelheid aandag wat aan die identifisering van leerlingleiers geskenk word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 12) Response op hierdie vraag word in tabel 4.8 aangebied.

**TABEL 4.8:**

**Vraag 12:** "Hoeveel aandag word in u skool aan die identifisering van leiers geskenk?"

| Hoeveel aandag | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie aandag | 51 | 49,5 | 52 | 50,5 | 103 | 50,0 |
| Bevredigend | 50 | 48,5 | 48 | 46,6 | 98 | 47,6 |
| Min aandag | 2 | 1,9 | 3 | 2,9 | 5 | 2,4 |
| Geen aandag | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.4.1.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 50% (103 uit 206) van die respondente van mening is dat baie aandag aan identifisering geskenk word, terwyl 47,6% (90 uit 206) respondente van mening is dat die aandag aan identifisering van leerlingleiers bevredigend is.

#### 4.4.1.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.8 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat baie aandag in Transvaal aan die identifisering van leerlingleiers in primêre skole gegee word. Die aanname word bevestig deur die response op vraag 12 soos in tabel 4.8 aangedui. 97,6% (201 uit 206) respondente huldig die standpunt dat bevredigende tot baie aandag aan die identifisering van leerlingleiers gegee word.

### 4.4.2 Vraag 13

Met vraag 13 in die vraelys is die wyse waarop leerlingleiers geïdentifiseer word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 13) Response op hierdie vraag word in tabel 4.9 aangebied.

**TABEL 4.9:**

**Vraag 13:** "Op watter wyse word leerlingleiers by u skool geïdentifiseer?"

| Wyse van identifisering | Totaal | % |
|---|---|---|
| 13.1 Konsensus van onderwyspersoneel | 42 | 20,4 |
| 13.2 Keuse van leerlinge en 13.1 | 48 | 37,9 |
| 13.3 Praktiese situasies en 13.2 | 55 | 26,7 |
| 13.4 Wetenskaplike meting | 31 | 15,0 |
| Totaal | 206 | 100,0 |

#### 4.4.2.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat die grootste persentasie, naamlik 79,6% van die respondente ook ander faktore as slegs die konsensus van die onderwyspersoneel in ag neem.

#### 4.4.2.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.9 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste skole is besig om weg te beweeg van die gebruik om slegs op grond van die konsensus van die onderwyspersoneel leerlingleiers aan te wys en ander faktore word ook in ag geneem as leerlingleiers geïdentifiseer word. Die mening van die leerlinge by die verkiesing van leerlingrade word hoog aangeslaan.

### 4.4.3 Vraag 14

Met vraag 14 in die vraelys is die mate van bevrediging wat die onderwyspersoneel met die identifisering van leerlingleiers ondervind, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 14) Response op hierdie vraag word in tabel 4.10 aangebied.

**TABEL 4.10:**

**Vraag 14:** "Watter mate van bevrediging word in u skool deur die personeel met die wyse van leieridentifisering ondervind?"

| Mate van bevrediging | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie Bevredigend | 52 | 50,5 | 46 | 44,7 | 98 | 47,6 |
| Bevredigend | 51 | 49,5 | 57 | 55,3 | 108 | 52,4 |
| Onbevredigend | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.4.3.1 Analise van die response

Gesamentlik meen 47,6% (98 uit 206) hoofde en onderwysers dat die personeel die wyse van leieridentifisering baie bevredigend vind. 52,4% (108 uit 206) respondente meen dat die personeel ruimte vir verbetering in die wyse van leieridentifisering voorop stel.

#### 4.4.3.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.10 kan die volgende afleidings gemaak word:

Op grond van die feit dat 52,4% respondente die huidige stelsel bevredigend vind, kan die afleiding gemaak word dat leieridentifisering in Transvaal goed hanteer word. Die res van die respondente sal egter wil hê dat die gehalte van leieridentifisering verder verhoog word.

### 4.4.4 Vraag 15

Met vraag 15 in die vraelys is die ouderdom waarop leerlinge vir die eerste keer as leier geïdentifiseer word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 15) Response op hierdie vraag word in tabel 4.11 aangebied.

**TABEL 4.11:**

**Vraag 15:** "Op watter ouderdom word leerlinge in u skool vir die eerste keer as moontlike leiers geïdentifiseer?"

| Ouderdom | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7-8 jaar | 49 | 47,6 | 51 | 49,5 | 100 | 48,5 |
| 9 jaar | 6 | 5,8 | 9 | 8,7 | 15 | 7,3 |
| 10 jaar | 26 | 25,2 | 21 | 20,4 | 47 | 22,8 |
| 11 jaar | 18 | 17,5 | 15 | 14,6 | 33 | 16,0 |
| 12 jaar | 4 | 3,9 | 7 | 6,8 | 11 | 5,3 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.4.4.1 Analise van die response

'n Analise van die gesamentlike response toon dat 48,5% (100 uit 206) van die respondente meen dat 7 - 8 jaar die ouderdom is waarop die eerste identifisering van leerlingleiers geskied. Net minder as die helfte van die respondente (48,5%) meen dat die identifisering van die leerlingleiers reeds in graad 1 en 2 geskied (7 - 8 jaar). Die aanname dat leerlingleiers reeds op 'n vroeë ouderdom geïdentifiseer moet word, word in 'n groot mate deur die 48,5% (7 - 8 jaar) bevestig.

#### 4.4.4.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.11 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat volgens die respondente daar reeds baie vroeg met die identifisering van leerlingleiers 'n aanvang gemaak word. Of dit wel praktyk in skole is, is te bevraagteken. Die afleiding is dus om baie vroeg reeds met die identifisering van leerlingleiers 'n aanvang te neem.

### 4.4.5 Vraag 16

Met vraag 16 in die vraelys is die mate van bewyslewering van leieridentifisering bepaal. (Bylaag 3 Vraag 16) Response op hierdie vraag word in tabel 4.12 aangebied.

**TABEL 4.12:**

**Vraag 16:** "Hoe gereeld word rekord van leieridentifisering gehou?"

| Mate van rekord | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gereeld gehou | 56 | 54,4 | 52 | 50,5 | 108 | 52,4 |
| Redelik gereeld gehou | 29 | 28,2 | 36 | 35,0 | 65 | 31,6 |
| Min gehou | 15 | 14,6 | 11 | 10,7 | 26 | 12,6 |
| Nooit gehou nie | 3 | 2,9 | 4 | 3,9 | 7 | 3,4 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.4.5.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat in die gesamentlike groep 52,4% (108 uit 206) meld dat rekord van leieridentifisering gereeld, 31,6% (65 uit 206) redelik gereeld, 12,6% (26 uit 206) min en 3,4% nooit (7 uit 206) gehou word nie.

#### 4.4.5.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.12 kan die volgende afleidings gemaak word:

'n Groot persentasie (84,0%) van die respondente meld dat rekordering van leieridentifisering redelik gereeld en gereeld gehou word. Dit is in ooreenstemming met die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement dat daar vir elke leerling 'n voogkaart sal wees waarop die belangrikste gegewens rakende die leerling op 'n gereelde basis aangeteken sal word. Leieridentifisering is 'n belangrike komponent van die voorligtingsprogram. Hierdie bevindinge klop grootliks met dié in die vorige vraag.

### 4.4.6 Vraag 17

Met vraag 17 in die vraelys is die metode van aantekening van leieridentifisering bepaal. (Bylaag 3 Vraag 17) Response op hierdie vraag word in tabel 4.13 aangebied.

**TABEL 4.13:**

**Vraag 17:** "Watter metode van rekord word vir leieridentifisering gehou?"

| Metode | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Leierseienskappe word aangeteken | 68 | 66,0 | 66 | 64,1 | 134 | 65,0 |
| Leierseienskappe word bepunt en aangeteken | 29 | 28,2 | 30 | 29,1 | 59 | 28,6 |
| Geen rekord | 6 | 5,8 | 7 | 6,8 | 13 | 6,3 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.4.6.1 Analise van die response

In die gesamentlike groep rapporteer 65% (134 uit 206) dat leierseienskappe aangeteken word, en 28,6% (59 uit 206) rapporteer dat leierseienskappe bepunt en dan aangeteken word.

#### 4.4.6.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.13 kan die volgende afleidings gemaak word:

'n Groot persentasie (93,6%) van die respondente rapporteer 'n metode van rekordering van leieridentifisering. Op grond van die feit dat die aanteken van leiereienskappe by skole die gewildste vorm van rekordering is, wil dit voorkom of skole daarna streef om 'n volledige beeld van leerlinge op te bou.

### 4.4.7 Vraag 18

Met vraag 18 in die vraelys is bepaal wie in die personeel verantwoordelik is vir die hou van 'n rekord van leieridentifisering. (Bylaag 3 Vraag 18) Response op hierdie vraag word in tabel 4.14 aangebied.

**TABEL 4.14:**

**Vraag 18:** "Watter persoon teken die leierseienskappe aan?"

| Persoon | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoof/Adjunk-hoof | 5 | 4,9 | 2 | 1,9 | 7 | 3,4 |
| DPO | 30 | 29,1 | 23 | 22,3 | 53 | 25,7 |
| Klasonderwyser/es | 66 | 64,1 | 73 | 70,9 | 139 | 67,5 |
| Geen rekord | 2 | 1,9 | 5 | 4,9 | 7 | 3,4 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

**4.4.7.1 Analise van die response**

67,5% (139 uit 206) van die respondente toon aan dat die klasonderwyser/es die leierseienskappe aanteken, terwyl 3.4% (7 uit 206) rapporteer dat geen rekord gehou word nie.

**4.4.7.2 Interpretasie**

Na aanleiding van die response in tabel 4.14 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die klasonderwyser die meeste in klas sowel as buite klasverband met leerlingleiers te doen kry. Daarom is die aanname gemaak dat die klasonderwyser/es die aangewese persoon is om die leierseienskappe aan te teken. Die aanname word deur die response op vraag 18 bevestig.

**4.4.8 Vraag 19**

Met vraag 19 in die vraelys is bepaal watter wyse gevolg word om moontlike leiers se name op die groslys te plaas. (Bylaag 3 Vraag 19) Response op hierdie vraag word in tabel 4.15 aangebied.

**TABEL 4.15:**

**Vraag 19:** "Op watter wyse word moontlike leiers se name op 'n groslys geplaas?"

| Wyse van groslys | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Leerling word genomineer | 54 | 52,4 | 51 | 49,5 | 105 | 51,0 |
| Saamgestel uit vorige jaar se leiers | 11 | 10,7 | 18 | 17,5 | 29 | 14,1 |
| Groslys na leier-identifiseringskamp | 38 | 36,9 | 34 | 33,0 | 72 | 35,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

**4.4.8.1 Analise van die response**

In die gesamentlike groep rapporteer 51% (105 uit 206) respondente dat moontlike leiers deur die personeel genomineer word, terwyl 49% (101 uit 206) rapporteer dat leerlinge se name op 'n groslys geplaas word uit die vorige jaar se leiers of na 'n leieridentifiseringskamp.

**4.4.8.2 Interpretasie**

Na aanleiding van die response in tabel 4.15 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die helfte van die respondente (51,0%) rapporteer dat 'n groslys saamgestel word deur moontlike leiers te nomineer. Die afleiding kan gemaak word dat skole ook ander faktore, soos leieridentifiseringskampe, by die samestelling van 'n groslys vir moontlike leiers oorweeg. As daar na die response in Tabel 4.10 gekyk word, wil dit voorkom of daar ook wat hierdie aspek betref, nog ruimte vir verbetering is.

### 4.5 Eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg moet word

In hierdie paragraaf sal die response op vraag 20 aangebied en geïnterpreteer word. Die respondente moet 'n keuse uitoefen en die 24 eienskappe soos volg evalueer:

| | |
|---|---|
| 0- Glad nie noodsaaklik nie | 1- Min noodsaaklikheid |
| 2- Baie noodsaaklik | 3- Uiters noodsaaklik |

#### 4.5.1 Vraag 20

Met vraag 20 in die vraelys is die respondente se evaluering van 24 leierseienskappe bepaal. (Bylaag 3 Vraag 20) Die response van die gesamentlike groep word in tabel 4.16 aangebied.

**TABEL 4.16**

***EVALUERING VAN LEIERSEIENSKAPPE***

GESAMENTLIKE GROEP

| Nr. | Eienskap | 0 | % | 1 | % | 2 | % | 3 | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.1 | Goeie intellek | 2 | 1,0 | 46 | 22,3 | 128 | 62,1 | 30 | 14,6 |
| 20.2 | Goeie oordeelsvermoë | 1 | 0,5 | 2 | 1,0 | 81 | 39,3 | 122 | 59,2 |
| 20.3 | Entoesiasme + ondernemings-gees | 0 | 0,0 | 2 | 1,0 | 69 | 33,5 | 135 | 65,5 |
| 20.4 | Goeie selfvertroue | 0 | 0,0 | 3 | 1,5 | 83 | 40,3 | 120 | 58,3 |
| 20.5 | Karaktervastheid | 0 | 0,0 | 3 | 1,5 | 57 | 27,7 | 146 | 70,9 |
| 20.6 | Goeie organisasievermoë | 0 | 0,0 | 11 | 5,3 | 114 | 55,3 | 81 | 39,3 |
| 20.7 | Beperkinge ken | 0 | 0,0 | 22 | 10,7 | 111 | 53,9 | 73 | 35,4 |
| 20.8 | Toewyding | 0 | 0,0 | 3 | 1,5 | 69 | 33,5 | 134 | 65,0 |
| 20.9 | Goeie redenasievermoë | 2 | 1,0 | 30 | 14,6 | 140 | 68,0 | 34 | 16,5 |
| 20.10 | Goeie samewerking gee | 0 | 0,0 | 1 | 0,5 | 40 | 19,4 | 165 | 80,1 |
| 20.11 | Aanpassingsvermoë | 1 | 0,5 | 8 | 3,9 | 134 | 65,0 | 63 | 30,6 |
| 20.12 | Goeie delegeringsvermoë | 2 | 1,0 | 38 | 18,4 | 115 | 55,8 | 51 | 24,8 |
| 20.13 | Fiksheid + goeie gesondheid | 18 | 8,7 | 94 | 45,6 | 85 | 41,3 | 9 | 4,4 |
| 20.14 | Konflikhantering | 0 | 0,0 | 8 | 3,9 | 108 | 52,4 | 90 | 43,7 |
| 20.15 | Belangstelling in groep | 0 | 0,0 | 4 | 1,9 | 110 | 53,4 | 92 | 44,7 |
| 20.16 | Goeie hantering van kritiek | 0 | 0,0 | 8 | 3,9 | 89 | 43,2 | 109 | 52,9 |
| 20.17 | Nederigheid | 3 | 1,5 | 12 | 5,8 | 102 | 49,5 | 89 | 43,2 |
| 20.18 | Beslistheid | 0 | 0,0 | 4 | 1,9 | 94 | 45,6 | 108 | 52,4 |
| 20.19 | Goeie selfdissipline | 0 | 0,0 | 2 | 1,0 | 48 | 23,3 | 156 | 75,7 |
| 20.20 | Dissipline kan toepas | 0 | 0,0 | 5 | 2,4 | 90 | 43,7 | 111 | 53,9 |
| 20.21 | Vergaderingsprosedures ken | 15 | 7,3 | 75 | 36,4 | 103 | 50,0 | 13 | 6,3 |
| 20.22 | Gebalanseerde deelname | 2 | 1,0 | 9 | 4,4 | 154 | 74,8 | 41 | 19,9 |
| 20.23 | Goeie skolastiese prestasie | 3 | 1,5 | 56 | 27,2 | 139 | 67,5 | 8 | 3,9 |
| 20.24 | Goeie probleemhantering | 1 | 0,5 | 16 | 7,8 | 139 | 67,7 | 50 | 24,3 |

**4.5.1.1 Analise van die response**

'n Analise van die response toon dat 80,1% (165 uit 206) respondente meen dat goeie samewerking as 'n uiters noodsaaklike eienskap beskou word, terwyl

3,9% (8 uit 206) respondente goeie skolastiese prestasie as 'n uiters noodsaaklik eienskap by leieridentifisering beskou. Goeie selfdissipline word deur 75,7% (156 uit 206) respondente as uiters belangrik vir die moontlike leier beskou.

Daar het die volgende groot verskille uit die analise van die response van die hoofde en onderwysers na vore gekom:

Ten opsigte van goeie delegeringsvermoë toon 63,1% (65 uit 103) hoofde en 48,5% (50 uit 103) onderwysers dit as baie noodsaaklik aan. 18,4% (19 uit 103) hoofde en 31,1% (32 uit 103) beskou goeie delegeringsvermoë as uiters hoofsaaklik.

Met betrekking tot konflikhantering toon 47,6% (49 uit 103) hoofde en 57,3% (59 uit 103) onderwysers dit as baie noodsaaklik aan. 49,5% (51 uit 103) hoofde en 37,9% (39 uit 103) onderwysers toon konflikhantering as uiters noodsaaklik aan.

Ten opsigte van nederigheid toon 52,4% (54 uit 103) hoofde en 46,6% (48 uit 103) onderwysers nederigheid as baie noodsaaklik aan. 38,8% (40 uit 103) hoofde en 47,6% (49 uit 103) onderwysers beskou nederigheid as uiters noodsaaklik vir moontlike leiers.

#### 4.5.1.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.16 kan die volgende afleidings gemaak word:

Onderwyspersonele beskou sekere eienskappe soos samewerking, goeie selfdissipline, karaktervastheid, entoesiasme en ondernemingsgees as uiters noodsaaklik vir moontlike leerlingleiers. Eienskappe soos goeie skolastiese prestasie, fiksheid en gesondheid, die kennis van vergaderingsprosedures en intellek word glad nie of min noodsaaklik by moontlike leerlingleiers beskou.

Word die verskille tussen hoofde en onderwysers, soos aangebied in paragraaf 4.5.1.1, onder oë geneem, kom die volgende na vore:

Die respondente kom eintlik ooreen wat hulle standpunte ten opsigte van konflikhantering, nederigheid en goeie delegeringsvermoë betref. Sou die gemiddelde persentasies van hoofde en onderwysers vir elkeen van vooraf-genoemde eienskappe bepaal word, blyk dit dat daar slegs 'n graadverskil tussen uiters- en baie noodsaaklik bestaan. Die vraag wat nou na vore kom, is of skolastiese prestasie as eienskap by leieridentifisering werklik so gering geag word.

### 4.6 Die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal

In hierdie paragraaf sal die response op vrae 21 tot 31 aangebied en geïnterpreteer word.

#### 4.6.1 Vraag 21

Die noodsaaklikheid van die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal is met vraag 21 getoets. (Bylaag 3 Vraag 21) Response op hierdie vraag word in tabel 4.17 aangebied.

**TABEL 4.17:**

**Vraag 21:** "Hoe noodsaaklik beskou u die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole?"

| Noodsaaklikheid | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen noodsaaklikheid | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Min noodsaaklikheid | 8 | 7,8 | 9 | 8,7 | 17 | 8,3 |
| Baie noodsaaklik | 53 | 51,5 | 47 | 45,6 | 100 | 48,5 |
| Uiters noodsaaklik | 41 | 39,8 | 46 | 44,7 | 87 | 42,2 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.1.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 90,7% (187 uit 206) van die respondente meen dat opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak in Transvaal baie en uiters noodsaaklik is.

#### 4.6.1.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.17 kan die volgende afgelei word:

Die aanname kan gemaak word dat die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal as baie belangrik beskou word en dat daar daadwerklik gestreef word om leerlingleiers vir hulle taak in skole toe te rus. Dit is moeilik te verklaar waarom 9,3% van die respondente die opleiding van leerlingleiers onnodig ag. 'n Moontlike verklaring is dat leerlingleiers in dié skole geen bepaalde funksie vervul nie.

### 4.6.2 Vraag 22

Vraag 22 in die vraelys het die respondente as beskouing oor die aard van die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal bepaal. (Bylaag 3 Vraag 22) Response op hierdie vraag word in tabel 4.18 aangebied.

**TABEL 4.18:**

**Vraag 22:** "Hoe beskou u die opleiding van leerlingleiers in u skool?"

| Beskouinge | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen opleiding | 1 | 1,0 | 3 | 2,9 | 4 | 1,9 |
| Beperkte opleiding | 45 | 43,7 | 39 | 37,9 | 84 | 40,8 |
| Voldoende opleiding | 57 | 55,3 | 61 | 59,2 | 118 | 57,3 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.2.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 57,3% (118 uit 206) respondente meen dat die opleiding van leerlingleiers voldoende is.

#### 4.6.2.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.18 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat daar nie voldoende opleiding aan leerlingleiers in primêre skole in Transvaal gebied word nie. Die aanname word bevestig deurdat 42,7% respondente geen of beperkte opleiding aan skole rapporteer. By bykans die helfte van die skole bestaan daar ruimte vir verbetering. Na aanleiding hiervan ontstaan die vraag of sulke leerlingrade enige funksie in skole het. (Vgl. paragraaf 4.6.1.2)

### 4.6.3 Vraag 23

Met vraag 23 in die vraelys is die persoon, wat die meeste betrokke is by die opleiding van leerlingleiers, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 23) Response op hierdie vraag word in tabel 4.19 aangebied.

**TABEL 4.19:**

**Vraag 23:** "Watter persoon in u skool is die meeste betrokke by die opleiding van die leerlingleiers?"

| Persoon betrokke | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaange-leentheid | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Hoof/Adjunk-hoof | 18 | 17,5 | 12 | 11,7 | 30 | 14,6 |
| DPO | 75 | 72,8 | 76 | 73,8 | 151 | 73,3 |
| Onderw. aangestel | 9 | 8,7 | 15 | 14,6 | 24 | 11,7 |
| Geen opleiding | 1 | 1,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,5 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

### 4.6.3.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat die Departementshoof Opvoedkundige Leiding die meeste by die opleiding van leerlingleiers betrokke is.

### 4.6.3.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.19 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die opleiding van leerlingleiers binne die werksgebied van die Departementshoof Opvoedkundige Leiding sal val. Hierdie veronderstelling word deur die response bevestig.

Die feit dat 14,6% hoofde en 11,7% onderwysers deur die hoof aangestel, vir die opleiding van leerlingleiers verantwoordelik is, kan toegeskryf word aan die P111-en P1V-skole waar daar nie Departementshoofde Opvoedkundige Leiding is nie. Dit is interessant om daarop te let hoe min hoofde by die opleiding van leerlingleiers betrokke is. Baie hoofde steun leierskap (vgl. tabel 4.7), maar min is daadwerklik by die opleiding van leerlingleiers betrokke. Die feit kan toegeskryf word aan die veelvuldige verpligtinge van hoofde.

#### 4.6.4 Vraag 24

Vraag 24 in die vraelys het die persoon wat verantwoordelik behoort te wees by die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 24) Response op hierdie vraag word in tabel 4.20 aangebied.

**TABEL 4.20:**

**Vraag 24:** "Watter persoon behoort volgens u mening die meeste betrokke te wees by die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole?"

| Persoon betrokke | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaange-leentheid | 5 | 4,9 | 3 | 2,9 | 8 | 3,9 |
| Hoof/Adjunk-hoof | 11 | 10,7 | 9 | 8,7 | 20 | 9,7 |
| DPO | 74 | 71,8 | 75 | 72,8 | 149 | 72,3 |
| Onderw. aangestel | 12 | 11,7 | 16 | 15,5 | 28 | 13,6 |
| Geen opleiding | 1 | 1,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,5 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

##### 4.6.4.1 Analise van die response

72,3% van die respondente rapporteer dat die Departementshoof Opvoedkundige Leiding die meeste by die opleiding van leerlingleiers betrokke behoort te wees.

##### 4.6.4.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.20 kan die volgende afleidings gemaak word:

Volgens die response blyk dit dat die Departementshoofde Opvoedkundige Leiding (na aanleiding van hulle posomskrywing) die meeste by die opleiding van leerlingleiers betrokke moet wees, en daarom is kleiner skole dus in 'n moeiliker posisie om die opleiding van leerlingleiers tot sy reg te laat kom.

### 4.6.5 Vraag 25

Met vraag 25 in die vraelys is die ouderdom wat as die gunstigste vir die aanvang van opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak beskou word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 25) Response op hierdie vraag word in tabel 4.21 aangebied.

**TABEL 4.21:**

**Vraag 25:** "Watter ouderdom beskou u as die gunstigste om met opleiding van leerlingleiers in die primêre skole te begin?"

| Geskikste Ouderdom | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen opleiding | 2 | 1,9 | 6 | 5,8 | 8 | 3,9 |
| 7 - 8 jaar | 19 | 18,4 | 23 | 22,3 | 42 | 20,4 |
| 9 -10 jaar | 34 | 33,0 | 34 | 33,0 | 68 | 33,0 |
| 11 -12 jaar | 44 | 42,7 | 39 | 37,9 | 83 | 40,3 |
| 13 jaar | 4 | 3,9 | 1 | 1,0 | 5 | 2,4 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.5.1 Analise van die response

In die gesamentlike groep rapporteer 40,3% (83 uit 206) respondente dat die opleiding van leerlingleiers vanaf 11 jaar 'n aanvang moet neem.

#### 4.6.5.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.21 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die grootste persentasie, naamlik 40,3% respondente, is van mening dat die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak eers vanaf 11-jarige ouderdom begin moet word. 'n Vergelyking tussen tabelle 4.4 en 4.21 toon aan dat daar 'n verband deur respondente aangedui word. Skole wat reeds van standerd 3 leerlingleiers betrek, toon aan dat die opleiding reeds op 10 jaar 'n aanvang moet neem.

**4.6.6. Vraag 26**

Vraag 26 in die vraelys het die geskikte opleidingsprogram vir leerlingleiers bepaal. (Bylaag 3 Vraag 26) Response op hierdie vraag word in tabel 4.22 aangebied.

**TABEL 4.22:**

**Vraag 26:** "Watter opleidingsprogram sou u as die geskikste vir die opleiding van leerlingleiers in u skool beskou?"

| Geskikste program | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen opleiding | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Binne skoolverband | 15 | 14,6 | 10 | 9,7 | 25 | 12,1 |
| Buite skoolverband | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Binne sowel buite | 86 | 83,5 | 91 | 88,3 | 177 | 85,9 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

**4.6.6.1 Analise van die response**

'n Analise van die response toon dat 85,9% (177 uit 206) van die respondente ten gunste van 'n opleidingsprogram vir leerlingleiers binne sowel as buite skoolverband is.

**4.6.6.2 Interpretasie**

Na aanleiding van die response in tabel 4.22 kan die volgende afleidings gemaak word:

'n Aanname kan gemaak word dat die hulp van 'n buite-instansie deur die respondente hoog geag word. Personeel kan die mening huldig dat leerlingleiers soms van die skoolterrein weggeneem moet word, en dat die hulp van buite-instansie daarom ingeroep moet word. Dit is verder moontlik dat die kundigheid van persone buite skoolverband onontbeerlik vir die volledige opleiding van leerlingleiers is.

#### 4.6.7 Vraag 27

Vraag 27 in die vraelys het die noodsaaklikheid van die opleiding van personeel wat vir leerlingleiers verantwoordelik is, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 27) Response op hierdie vraag word in tabel 4.23 aangebied.

**TABEL 4.23:**

**Vraag 27:** "Hoe noodsaaklik beskou u dit dat die personeel wat vir die ontwikkeling van die leiersmoontlikhede in u skool verantwoordelik is, opleiding behoort te ontvang?"

| Noodsaaklikheid | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Nie noodsaaklik | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Redelik noodsaaklik | 2 | 1,9 | 3 | 2,9 | 5 | 2,4 |
| Baie noodsaaklik | 46 | 44,7 | 42 | 40,8 | 88 | 42,7 |
| Uiters noodsaaklik | 54 | 52,4 | 57 | 55,3 | 111 | 53,9 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

##### 4.6.7.1 Analise van die response

In die gesamentlike groep rapporteer 53,9% (111 uit 206) respondente dat die opleiding van personeel wat verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers is, baie noodsaaklik is.

##### 4.6.7.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.23 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die opleiding van die personeel wat vir die opleiding van leerlingleiers verantwoordelik is, noodsaaklik sal wees. Dié veronderstelling word deur die response bevestig. 96,6% van die respondente is van mening dat opleiding van die personeel baie tot uiters noodsaaklik is.

#### 4.6.8 Vraag 28

Vraag 28 in die vraelys het die persoon of instansie wat die geskikste vir die opleiding van die personeel sal wees, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 28) Response op hierdie vraag word in tabel 4.24 aangebied.

**TABEL 4.24:**

**Vraag 28:** "Watter persoon of instansie sal u as die geskikste vir die opleiding van onderwyspersoneel met die oog op beter leiding aan leerlingleiers beskou?"

| Persoon of Instansie | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaange-leentheid) | 33 | 32,0 | 30 | 29,1 | 63 | 30,6 |
| Hoof/ Adjunk/DPO | 24 | 23,3 | 18 | 17,5 | 42 | 20,4 |
| Kolleges(opleiding) | 13 | 12,6 | 13 | 12,6 | 26 | 12,6 |
| OKVO(Streekkursusse) | 32 | 31,1 | 41 | 39,8 | 73 | 35,4 |
| Buite-instansies | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Geen opleiding | 0, | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

##### 4.6.8.1 Analise van die response

Volgens die response in tabel 4.24 beskou 35,4% van die respondente die OKVO as die geskikste instansie vir die opleiding van persone, terwyl 30,6% die taak aan die ASO (Jeugaangeleenthede) toewys.

##### 4.6.8.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.24 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat 'n relatief groot persentasie op die kundigheid van die OKVO-personeel vir die opleiding van die personeel wat verantwoordelik is vir leerlingleiers, staat maak, terwyl slegs 20,4% meen dat die

bestuurspan van die skool daarby betrokke behoort te wees. (Vgl. paragraaf 4.6.3.2)

### 4.6.9 Vraag 29

Met vraag 29 in die vraelys is die soort opleiding wat tans aan leerlingleiers in primêre skole in Transvaal voorsien word, bepaal. (Bylaag 3 Vraag 29) Response op hierdie vraag word in tabel 4.25 aangebied.

**TABEL 4.25:**

**Vraag 29:** "Watter soort opleiding word tans aan u leerlingleiers voorsien?"

| Soort opleiding | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Informele gesprekke | 30 | 29,1 | 39 | 37,9 | 69 | 33,5 |
| Formele kursusse | 8 | 7,8 | 8 | 7,8 | 16 | 7,8 |
| Kombinasie van bogenoemde | 64 | 62,1 | 55 | 53,4 | 119 | 57,8 |
| Geen opleiding | 1 | 1,0 | 1 | 1,0 | 2 | 1,0 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.9.1 Analise van die response

Van al die respondente rapporteer 57,8% (119 uit 206) dat die opleiding van leerlingleiers deur informele gesprekke en formele opleidingskursusse en kampe geskied.

#### 4.6.9.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.25 kan die volgende afleidings gemaak word:

41,3% van die respondente het aangedui dat die opleiding van leerlingleiers deur slegs een van die voorgestelde metodes geskied en dat die gedagte aan

'n kombinasie van buite- en binne-instansies meebring dat die hulp van buite-instansies hoog aangeslaan word.

### 4.6.10 Vraag 30

Met vraag 30 in die vraelys is die noodsaaklikheid van die hou van vergaderings deur leerlingleiers bepaal. (Bylaag 3 Vraag 30) Response op hierdie vraag word in tabel 4.26 aangebied.

**TABEL 4.26:**

**Vraag 30:** "Hoe noodsaaklik beskou u dit dat leerlingleiers op 'n gereelde wyse vergaderings hou?'

| Noodsaaklikheid | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Een keer per week | 37 | 35,9 | 35 | 34,0 | 72 | 35,0 |
| Een keer per maand | 45 | 43,7 | 47 | 45,6 | 92 | 44,7 |
| Een keer per termyn | 14 | 13,6 | 16 | 15,5 | 30 | 14,6 |
| Ses keer per jaar | 2 | 1,9 | 0 | 0,0 | 2 | 1,0 |
| Ander moontlikhede | 1 | 1,0 | 3 | 2,9 | 4 | 1,9 |
| Geen vergaderings | 4 | 3,9 | 2 | 1,9 | 6 | 2,9 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.10.1 Analise van die response

44,7% (92 uit 206) van al die respondente het aangetoon dat die leerlingleiers een keer per maand moet vergader, terwyl 35% (72 uit 206) van mening is dat leerlingleiers weekliks vergaderings moet hou.

#### 4.6.10.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.26 kan die volgende afleidings gemaak word:

Volgens die verspreiding van die response onder die eerste drie moontlikhede kan die noodsaaklikheid van die hou van vergaderings afgelei word uit die feit

dat 79,7% (164 uit 206) van die respondente weeklikse of maandelikse vergaderings voorstaan. Eenvormige riglyne sal waarskynlik allerweë verwelkom word.

### 4.6.11 Vraag 31

Met vraag 31 in die vraelys is die noodsaaklikheid van vergaderingsprosedures by die vergaderings van leerlingleiers bepaal. (Bylaag 3 Vraag 31) Response op hierdie vraag word in tabel 4.27 aangebied.

**TABEL 4.27:**

**Vraag 31:** "Hoe noodsaaklik beskou u die hou van leerlingraadvergaderings aan die hand van vergaderingsprosedures?"

| Hoeveelheid | Hoofde | % | Onderwysers | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen vergaderingprosedures | 5 | 4,9 | 5 | 4,9 | 10 | 4,9 |
| Sommige vergaderingprosedures | 54 | 52,4 | 58 | 56,3 | 112 | 54,4 |
| Alle vergaderingprosedures | 44 | 42,7 | 40 | 38,8 | 84 | 40,8 |
| Totaal | 103 | 100,0 | 103 | 100,0 | 206 | 100,0 |

#### 4.6.11.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 54,4% (112 uit 206) van die respondente voorstanders van sommige vergaderingsprosedures by vergaderings van leerlingleiers is.

#### 4.6.11.2 Interpretasie

Na aanleiding van die response in tabel 4.27 kan die volgende afleidings gemaak word:

Uit die response van Tabel 4.27 kan afgelei word dat vergaderingsprosedures by die leerlingraadvergaderings as noodsaaklik beskou word. Dit wil dus voorkom asof die respondente bepaalde strukture aan vergaderings wil heg, dat dit ordelik sal verloop en dat bepaalde status daaraan verleen word.

### 4.7 Die take van leerlingleiers in primêre skole

#### 4.7.1 Vraag 32

Vraag 32 het die respondente se evaluering van 10 stellings oor die take van leerlingleiers getoets. (Bylaag 3 Vraag 32) Response op hierdie vraag word in tabel 4.28 aangebied.

**Vraag 32:** "Rangskik die volgende stellings in volgorde van belangrikheid. Skryf slegs u voorkeurorde in syfervorm beginnende by 1."

32.1 Om goeie dissipline toe te pas
32.2 Om tydens skoolfunksies te help
32.3 'n Skakel tussen personeel en leerlinge te wees
32.4 Om 'n inspraak tydens skoolfunksies te hê
32.5 Vergaderings van leerlingleiers te help lei
32.6 Uitstappies te help reël
32.7 Toesig tydens uitstappies te hou
32.8 Leiding aan leerlinge met probleme te gee
32.9 Samesprekings met leerlinge oor skoolaangeleenthede te voer
32.10 Ambassadeurs vir die skool te wees.

In Tabel 4.28 word die 10 stellings in numeriese volgorde horisontaal aangebied. Die voorkeurorde van die respondente word in Tabel 4.28 vertikaal aangebied. Onder elke vertikale aanbieding vãn die voorkeurorde van die respondente word die persentasie van die voorkeurorde geplaas.

Die volgende kan die leser help om Tabel 4.28 te begryp:

Die eerste stelling, "Om goeie dissipline toe te pas" word eerste in die horisontale posisie geplaas. Om te bepaal hoeveel respondente die betrokke

stelling eerste in voorkeurorde geplaas het, word dit direk onder die stelling se nommer afgelees. Daar is dus 62 uit 206 (30,1%) wat stelling 32.1 eerste op voorkeurorde plaas.

**TABEL 4.28**

***DIE TAKE VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMêRE SKOLE IN VOLGORDE VAN BELANGRIKHEID***

GESAMENTLIKE GROEP

| Orde | 32.1 | 32.2 | 32.3 | 32.4 | 32.5 | 32.6 | 32.7 | 32.8 | 32.9 | 32.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 62 | 5 | 64 | 1 | 1 | 0 | 0 | 20 | 4 | 49 |
| % | 30,1 | 2,4 | 31,1 | 0,5 | 0,5 | 0,0 | 0,0 | 9,7 | 1,9 | 23,8 |
| 2 | 36 | 18 | 52 | 2 | 6 | 3 | 4 | 36 | 11 | 37 |
| % | 17,5 | 8,7 | 25,2 | 1,0 | 2,9 | 1,5 | 1,9 | 17,5 | 5,3 | 18,0 |
| 3 | 46 | 27 | 33 | 2 | 3 | 2 | 14 | 20 | 28 | 32 |
| % | 22,3 | 13,1 | 16,0 | 1,0 | 1,5 | 1,0 | 6,8 | 9,7 | 13,6 | 15,5 |
| 4 | 25 | 21 | 19 | 3 | 14 | 5 | 17 | 37 | 33 | 32 |
| % | 12,1 | 10,2 | 9,2 | 1,5 | 6,8 | 2,4 | 8,3 | 18,0 | 16,0 | 15,5 |
| % | 6,3 | 14,6 | 8,3 | 9,2 | 7,8 | 2,4 | 12,1 | 10,2 | 19,4 | 9,7 |
| 6 | 8 | 31 | 6 | 24 | 27 | 14 | 29 | 22 | 29 | 17 |
| % | 3,9 | 15,0 | 2,9 | 11,7 | 13,1 | 6,8 | 14,1 | 10,7 | 14,1 | 8,3 |
| 7 | 4 | 23 | 6 | 40 | 31 | 27 | 37 | 11 | 21 | 7 |
| % | 1,9 | 11,2 | 2,9 | 19,4 | 15,0 | 13,1 | 18,0 | 5,3 | 10,2 | 3,4 |
| 8 | 3 | 23 | 4 | 39 | 44 | 42 | 25 | 9 | 15 | 1 |
| % | 1,5 | 11,2 | 1,9 | 18,9 | 21,4 | 20,4 | 12,1 | 4,4 | 7,3 | 0,5 |
| 9 | 5 | 15 | 2 | 34 | 31 | 59 | 28 | 14 | 13 | 5 |
| % | 2,4 | 7,3 | 1,0 | 16,5 | 15,0 | 28,6 | 13,6 | 6,8 | 6,3 | 2,4 |
| 10 | 4 | 13 | 3 | 42 | 33 | 49 | 27 | 16 | 12 | 6 |
| % | 1,9 | 6,3 | 1,5 | 20,4 | 16,0 | 23,8 | 13,1 | 7,8 | 5,8 | 2,9 |

#### 4.7.1.1 Analise van die response

'n Analise van die response toon dat 31,1% (64 uit 206) van die respondente die skakeling tussen personeel en leerlinge as een van die belangrikste take beskou. Die toepassing van goeie dissipline en om ambassadeurs vir die skool te wees word onderskeidelik tweede en derde in volgorde van belangrikheid geplaas. Om vergaderings van leerlingleiers te help lei, uitstappies te help reël en insprake tydens skoolfunksies word onderskeidelik agste, negende en tiende geplaas.

Met betrekking tot response van hoofde en onderwysers verantwoordelik vir leerlingleiers ten opsigte van die laaste drie take is daar 'n aansienlike verskil. Hoofde plaas die lei van vergaderings van leerlingleiers agste, terwyl die onderwysers dit negende plaas. Help met die reël van uitstappies word onderskeidelik deur hoofde negende en deur onderwysers tiende geplaas. Hoofde plaas die inspraak tydens skoolfunksies tiende terwyl onderwysers dit agste plaas.

#### 4.7.1.2 Interpretasie

Dit is interessant om daarop te let dat die respondente hoë waarde heg aan take wat die leerlingleiers ter wille van die skool uitvoer. Om as skakel tussen personeel en leerlinge op te tree, ambassadeurs vir die skool te wees en goeie dissipline toe te pas, word deur die respondente bo-aan die voorkeurorde geplaas. 'n Verdere afleiding is dat leerlingrade heelwat simboliese funksies het en dat outonome optredes nie realiseer nie. Die vraag ontstaan dus of leerlingrade onder dié omstandighede bestaansreg het (Vgl. paragraaf 4.6.1.2).

'n Verklaring vir 'n verskil in plasing deur hoofde en onderwysers verantwoordelik vir leerlingleiers van die laaste drie take kan moontlik gevind word in die gewysigde siening wat jonger personeellede oor die betrokkenheid van leerlingleiers by die skool se aktiwiteite huldig. Jonger personeellede verkies dat leerlingleiers 'n groter inspraak in die skool se aktiwiteite kry.

**4.8 Oop items**

Drie oop items is in die vraelys ingesluit om die mening en aanbevelings van respondente te toets. Probleme wat met die invul van die vraelys ondervind is, moes vermeld word.

Die eerste ongestruktureerde item het die respondente se gevoel oor ander eienskappe vir leieridentifisering getoets. Eienskappe soos godsdienstige lewens- en wêreldbeskouing, hoflikheid, hulpvaardigheid, lojaliteit teenoor die skool en gemeenskap, die land en nasionale simbole, netheid, regverdigheid, beplanning en inisiatief, humorsin, deursettingsvermoë, simpatie, kommunikasie- en luistervaardighede, stiptheid, verantwoordelikheidsin en dienslewering word deur die respondente vermeld.

Met die tweede ongestruktureerde item is die mate van probleme wat die respondente met die invul van die vraelys gehad het, bepaal. Die belangrikste probleme word soos volg saamgevat:

By die P1V-skole het respondente genoem dat alle leerlinge in st. 5 as leerlingleiers betrek word, en daarom kan hulle nie heeltemal objektief oor sekere afdelings respondeer nie.

'n Klein groepie respondente, naamlik 4,8% (10 uit 206), is van mening dat die keuses by afdeling D (vrae 21 tot 31) te beperk was. 1,0% (2 uit 206) van die respondente het gevoel dat sommige van die take van die leerlingleiers te veel op die hoërskool gerig is. Die beperkte aantal probleme wat deur respondente vermeld is, kan 'n aanduiding wees dat die invul van die vraelys redelik goed deur respondente behartig is.

In die derde ongestruktureerde item is die respondente versoek om aspekte waarin leerlingleiers opgelei behoort te word, te noem. Van die belangrikste aspekte was onder meer die inskakeling van nuwe leerlinge, uitbouings van selfbeeld en selfvertroue, hulp met beplanning en uitvoering van opdragte, selfhandhawing in die portuurgroep en die kweek van regte gesindhede. Daar behoort ook aandag aan protokol, etiket en ander sake om leerlingleiers af te rond, gegee word. Verder word voorgestel dat aandag aan die verwerking en

hantering van die leerlingleier se eie gesagposisie gegee word. Die leerlingleier moet opgelei word om goeie dissipline toe te pas sonder om die taak van die onderwyser oor te neem. Aandag moet ook aan noodhulp, brandbestryding en korrekte optrede tydens noodsituasies gegee word.

### 4.9 Samevatting

Die response op die vraelys oor leerlingleiers is in hierdie hoofstuk aangebied en bespreek. Die uitkomste van die response van hoofde en onderwysers is in tabelle saamgevat. Enkele belangrike aspekte is uitgelig en geïnterpreteer. In hoofstuk 5 word die samevatting van die navorsingsresultate, gevolgtrekkings en aanbevelings gebied.

## *HOOFSTUK 5*

# *SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS*

### 5.1 Inleiding

Om die hele aangeleentheid van leerlingleierskap in primêre skole in perspektief te plaas, was dit eerstens nodig om die tema vanuit die literatuur te bestudeer en tweedens om verskillende aspekte van die tema empiries volgens die vraelysmetode te ondersoek. In hierdie slothoofstuk sal 'n samevatting van die ondersoek gebied en sekere gevolgtrekkings gegee word. Aanbevelings sal na aanleiding van bevindinge in die literatuurstudie en empiriese ondersoek gemaak word. Bepaalde tekortkominge van hierdie studie sal ten slotte uitgelig word.

### 5.2 Samevatting

#### 5.2.1 Hoofstuk 1

#### 5.2.1.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 1.1)

In die inleiding is dit gestel dat 'n eiesoortige opleidingsprogram vir leerlingleiers van primêre skole in Transvaal navorsingswaardig is.

#### 5.2.1.2 Probleemstelling (Vgl. paragraaf 1.2)

Die mate waarin die opleiding van leerlingleiers in die literatuur gedek word, wat onder opleiding van leerlingleiers verstaan word; die wyse van begeleiding aan leerlingleiers; die aanvangsouderdom en die persoon verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers is in die probleemstelling gedek.

#### 5.2.1.3 Doel van die ondersoek (Vgl. paragraaf 1.3)

Die doel van die ondersoek was om oor leerlingleierskap vanuit die literatuur te besin en deur middel van 'n gestruktureerde vraelys die omvang van leerlingleierskap in primêre skole in Transvaal vas te stel.

**5.2.1.4 Metode van ondersoek (Vgl. paragraaf 1.4)**

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek oor leerlingleierskap.

**5.2.1.5 Afbakening van die studieterrein (Vgl. paragraaf 1.5)**

Die ondersoek was toegespits op Afrikaanse en dubbelmedium- primêre skole in Transvaal. 'n Ewekansige steekproef van 28,6% (145 uit 506) skole is getrek.

**5.2.1.6 Die verloop van die studie (Vgl. paragraaf 1.6)**

Aan die einde van hoofstuk 1 is die verloop van die studie uiteengesit.

**5.2.2 Hoofstuk 2**

**5.2.2.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 2.1)**

Inleidend is die vraag gestel of die huidige stelsel wel die kweek van leiers en leiervaardighede voorop stel.

**5.2.2.2 Begripsbepaling (Vgl. paragraaf 2.2)**

Begrippe soos leerlingleiers, opleidingsdoelstellings, opleidingsgeleenthede en opleidingsvorme is van naderby bekyk.

**5.2.2.3 Die begrip leierskap (Vgl. paragraaf 2.3)**

Onder die begrip leierskap is daar aandag aan leierskap in die algemeen, leerlingleierskap en die noodsaaklikheid van leerlingleiers gegee.

**5.2.2.4 Leieridentifisering (Vgl. paragraaf 2.4)**

In die inleidende opmerkings is dit gestel dat identifisering eers moet plaasvind alvorens met die opleiding van leerlingleiers begin kan word. Aandag is vervolgens aan die identifiseringsprosedures gegee, waarna na sekere persoonlikheidseienskappe wat by leieridentifisering teenwoordig moet wees,

verwys is. Daar is aandag aan die eerste ouderdom, rekordering en persone betrokke by leieridentifisering gegee.

**5.2.2.5 Opleiding van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 2.5)**

Inleidend is daar na latente leierspotensiaal by leerlinge verwys. Aandag is ook aan die noodsaaklikheid van die opleiding van leerlingleiers gegee. Die persone betrokke, eerste ouderdom en geleenthede by die opleiding van leerlingleiers het aandag geniet. Laastens is daar aandag aan die opleiding van personeel verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers gegee.

**5.2.2.6 Die take van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 2.6)**

Inleidend is daar na die groot hoeveelheid geleenthede vir leerlingleiers verwys. Uit die literatuur blyk dit nie duidelik of sekere take slegs vir leerlingleiers van primêre skole uitgewys word nie.

**5.2.3 Hoofstuk 3**

**5.2.3.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 3.1)**

Inleidend is dit gestel dat daar in hoofstuk 3 na die teoretiese begronding van die empiriese ondersoek gekyk sal word.

**5.2.3.2 Die doel met die empiriese ondersoek (Vgl. paragraaf 3.2)**

Die doel met die ondersoek was om empiries die huidige stand van leerlingleierskap, die houding van onderwyspersoneel en die behoefte aan opleiding van leerlingleiers in die primêre skole in Transvaal te bepaal.

**5.2.3.3 Tipes ondersoekmetodes en die keuse van die meetinstrument (Vgl. paragraaf 3.3)**

In die inleiding word daar melding van die onderhoudvoering en die vraelys as meetinstrumente gemaak. Na deeglike oorweging is daar op die vraelys as meetinstrument besluit.

**5.2.3.4 Die vraelys as meetinstrument (Vgl. paragraaf 3.4)**

Daar is aandag aan die inhoudelike en die uiterlike van die vraelys gegee.

**5.2.3.5 Die empiriese ondersoek (Vgl. paragraaf 3.5)**

Vervolgens is aandag aan die keuse van die tipe skole, steekproefgrootte, uitkomste van die steekproefneming en die keuse van die proefpersone gegee. Vervolgens het die samestelling van die vraelys aandag geniet. Die noodsaaklikheid van die vraelys en die soorte items in die vraelys is bespreek. Die eerste redaksie asook die samestelling van die finale vraelys het aandag geniet.

**5.2.6 Hoofstuk 4**

**5.2.6.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 4.1)**

In die inleidende paragraaf is dit gestel dat die vraelysresponse in hoofstuk 4 geanaliseer en geïnterpreteer sal word.

**5.2.6.2 Demografiese gegewens van die respondente (Vgl. paragraaf 4.2)**

Die response op vrae 1,2, 4 en 6 is kortliks bespreek, terwyl die response van vrae 3,5 en 7 vollediger aangebied en geïnterpreteer is.

**5.2.6.3 Soorte leerlingleiers en die noodsaaklikheid van leerlingleiers op primêre skoolvlak (Vgl. paragraaf 4.3)**

Die response op vrae 8 tot 11 is in hierdie paragraaf aangebied en geïnterpreteer. Die meerderheid (98,6%) van die respondente is van mening dat leerlingleiers noodsaaklik tot baie noodsaaklik op primêre skoolvlak is.

**5.2.6.4 Die identifisering van leerlingleiers (Vgl. paragraaf 4.4)**

In hierdie paragraaf is die response van vraag 12 tot 19 aangebied en geïnterpreteer. 52,4% (108 uit 206) van die respondente is van mening dat die

daar ruimte vir verbetering in die wyse van leerlingidentifisering op primêre skoolvlak is.

**5.2.6.5 Eienskappe wat by leieridentifisering oorweeg moet word (Vgl. paragraaf 4.5)**

Die response op vraag 20 is in hierdie paragraaf aangebied en geïnterpreteer. Onderwyspersonele beskou sekere eienskappe soos samewerking, goeie selfdissipline, karaktervastheid, entoesiasme en ondernemingsgees as uiters noodsaaklik vir moontlike leerlingleiers.

**5.2.6.6 Die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal (Vgl. paragraaf 4.6)**

In hierdie paragraaf is die response op vraag 21 tot 31 aangebied en geïnterpreteer. 'n Analise van die response toon dat 90,7% (187 uit 206) van die respondente van mening is dat die opleiding van leerlingleiers op primêre skoolvlak in Transvaal baie tot uiters noodsaaklik is. 42,7% van die respondente rapporteer dat daar ruimte vir verbetering in die opleiding van leerlingleiers in hulle skole is.

**5.2.6.7 Die take van leerlingleiers in primêre skole (Vgl. paragraaf 4.7)**

Met vraag 32 is die respondente se evaluering van 10 stellings oor take van leerlingleiers getoets. Die response is in hierdie paragraaf geanaliseer en geïnterpreteer. 31,1% (64 uit 206) van die respondente toon aan dat die skakeling tussen personeel en leerlinge as die belangrikste taak van leerlingleiers beskou word.

**5.2.6.8 Oop items (Vgl. paragraaf 4.8)**

In die vraelys is drie oop items ingesluit om die menings en aanbevelings van die respondente te peil. Die analise en interpretasie van die oop items is in hierdie paragraaf weergegee. Respondente het sekere tekortkominge in die vraelys uitgelig. Sekere aanbevelings oor leierseienskappe is deur die respondente gemaak.

**5.2.7 Hoofstuk 5**

**5.2.7.1 Inleiding (Vgl. paragraaf 5.1)**

Inleidend is dit gestel dat die aangeleentheid van leerlingleierskap in perspektief geplaas is deur 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

**5.2.7.2 Samevatting (Vgl. paragraaf 5.2)**

'n Samevatting van die hele studie is in die eerste gedeelte van hoofstuk 5 weergegee.

**5.2.7.3 Gevolgtrekkings (Vgl. paragraaf 5.3)**

Gevolgtrekkings voortvloeiend uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek is in hierdie paragraaf aangebied.

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek vloei dit voort dat daar ruimte vir verbetering in die identifisering en opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal bestaan.

**5.2.7.4 Aanbevelings (Vgl. paragraaf 5.4)**

Ten slotte word daar in hoofstuk 5 sekere aanbevelings voortspruitend uit die gevolgtrekkings gemaak.

Daar word aanbeveel dat die identifisering en opleiding van leerlingleiers indringend deur middel van oriënterings- en streekkursusse onder die aandag van die verantwoordelike personeel gebring word.

**5.3 Gevolgtrekkings**

Die volgende gevolgtrekkings kan vanuit die literatuurstudie en empiriese ondersoek gemaak word:

5.3.1 Primêre skole in Transvaal is besig om van die tradisionele prefektestelsel weg te beweeg. (Vgl. paragraaf 4.3.3.2)

5.3.2 Die verskillende groottes skole het eiesoortige probleme by die aanwys van die tipe leerlingleiers. (Vgl. paragraaf 4.3.4.2)

5.3.3 Ruimte vir verbetering bestaan in die gehalte van leieridentifisering wat by primêre skole plaasvind. (Vgl. paragraaf 4.4.3.2)

5.3.4 Daar bestaan 'n leemte ten opsigte van die opleiding van leerlingleiers in primêre skole in Transvaal. (Vgl. paragrawe 4.6.2.2 en 4.6.9.2)

5.3.5 Die bestaande personeel verantwoordelik vir die opleiding van leerlingleiers het 'n behoefte daaraan om beter ingelig te word. (Vgl. paragraaf 4.6.7.2)

5.3.6 Beter opleiding betreffende leerlingleierskap behoort aan toekomstige onderwyspersoneel gegee te word. (Vgl. paragrawe 4.6.7.2 en 2.5.6)

5.3.7 Die take van leerlingleiers op primêre skoolvlak behoort duideliker omskryf te word. (Vgl. paragrawe 4.7.1.2 en 4.8)

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbevelings oor leieridentifisering en -opleiding

In die lig van wat in hierdie navorsing gevind is, word die volgende aanbevelings gedoen:

5.4.1.1 Daar word aanbeveel dat die identifisering en opleiding van leerlingleiers indringend deur middel van oriënterings- en streekkursusse onder die aandag van die verantwoordelike personeel gebring word.

5.4.1.2 Aandag sal aan die verskillende groottes skole gegee moet word, sodat elke grootte skool se behoeftes vasgestel en bespreek kan word.

5.4.1.3 Video-opnames kan by skole waar identifisering en opleiding van leerlingleiers hoë prioriteit geniet, gemaak word en aan ander skole beskikbaar gestel word.

5.4.1.4 Aandag kan deur die mediakomitee van die TOD aan plakkate, boeke, video-opnames, klankskyfieprogramme ensovoorts gegee word om skole in staat te stel om toekomstige leerlingleiers beter op te lei.

5.4.1.5 Onderwyskolleges en universiteite wat vir die opleiding van onderwyspersoneel verantwoordelik is, sal die toekomstige onderwyspersoneel beter moet toerus om die ontwikkeling van toekomstige leiers meer effektief te behartig.

5.4.1.6 Die moontlikheid om st.4-leerlinge in plaas van st.5-leerlinge na die veldskole te stuur, kan ondersoek word, sodat geïdentifiseerde take by toekomstige st.5-leerlinge tuisgebring word.

### 5.4.2 Aanbevelings vir verdere ondersoeke

Die opleiding van leerlingleiers in die RSA is navorsingswaardig. 'n Soortgelyke vraelys kan aan die vier provinsies gestuur word om die mate van opleiding van leerlingleiers in die RSA te bepaal. 'n Studie oor die opleiding van leerlingleiers in een of meer van die Westerse lande kan met veel vrug aangepak word.

### 5.5 Gebreke in die ondersoek

Die keuses by afdeling D (Vrae 21 tot 31) was te beperk. Kombinasies van die keuses kon die response meer objektief gemaak het. Vir die kleiner skole (PIV)

was daar 'n klein aantal vrae wat probleme geskep het. In toekomstige vraelyste behoort die eiesoortige probleme van die kleiner skole in gedagte gehou te word.

### 5.6 Slotopmerking

Dat daar vandag 'n groot behoefte aan goed toegeruste leiers en daarom ook aan leerlingleiers bestaan, blyk uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek. Die anker van 'n volk se voortbestaan lê in die goed toegeruste jeug van vandag. Uit die onderhawige studie kom dit duidelik na vore dat daar vandag meer klem op leieridentifisering en opleiding vanaf die vroegste moontlike ouderdom geplaas moet word.

Die taak van die opvoeder van leerlinge op primêre skoolvlak in die ontwikkeling van leierspotensiaal bly van kardinale belang. Beter toegeruste leerlingleiers kan die aanslag van morele, sedelike, kulturele en godsdienstige aftakeling beter die hoof bied.

## *BRONNELYS*

**ADAIR, J. 1983.** Effective leadership: a modern guide to developing leadership skills. London : Pan Books. 228p.

**ARY, D., JACOBS, L.C. & RASAVIEK, A. 1972.** Introduction to research in education. New York : Holt, Reinhardt & Winston. 387p.

**BARNETT, V.D. 1974.** Elements of sampling theory. London : Universities Press. 152p.

**BREDENKAMP, P.H. 1984.** Opvoedkundige onderwys vir alle leerlinge. (In Transvaal. Onderwysdepartement. Verantwoordbare onderwys: polslag vir die toekoms. Johannesburg : Perskor. p.124-174.)

**BURNS, J.M. 1978.** Leadership. New York : Harper. 530p.

**CAWOOD, J. & GIBBON, J. 1981.** Educational leadership: staff development. Goodwood : Nasou. 314p.

**CAWOOD, J. & SWARTZ, J.F.A. 1979.** As jy gekies word. Goodwood : Nasou. 152p.

**CAWOOD, J., STRYDOM, A.H. & VAN LOGGERENBERG, N.T. 1981.** Doeltreffende onderwys. Goodwood : Nasou. 159p.

**COETZEE, R.A. 1987.** Leierskap en leieridentifisering. (In Liebertrau, J.P. red. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor. p.249-284).

**COHEN,L. & MANION, L. 1980.** Research methods in education. London : Croom Helm. 328p.

**CUNNINGHAM, L.L.& GEPHART, W.J. 1973.** Leadership : the science and art today. Chicago, Ill. : Peacock 320p.

**FIEDLER, F.E. 1967.** A theory of leadership effectiveness. New York : McGraw-Hill. 310p.

**FOLLET, B.H. 1985.** Leadership: a concept prison. Educational journal, 95(2) : 30-32, Sep.

**GIBBON, J. 1980.** Leadership development in schools through professional development. Educational journal, 90(2):33-38, Sep.

**GORTON, R.A. 1983.** School administration and supervision: leadership challenges and opportunities. Dubuque, la. : WCB. 549p.

**GALFO, A.J. 1975.** Interpreting educational research. Dubuque, la. : Brown. 389p.

**HANEKOM, S.X. 1981.** Leidinggewing. Saipa, 16 : 6-24, Mrt.

**HAT**
kyk

**ODENDAL, F.F.,** red.

**HOPKINS, C.D., 1976.** Educational research: a structure for inquiry. Columbus, Ohio : Merrill. 287p.

**JOHN, D. 1980.** Leadership in schools. London : Heineman. 181p.

**JOOSTE, J.H. 1984.** Onderwys as antwoord op die eis van die toekoms. (In Transvaal. Onderwysdepartement: polsslag vir die toekoms. Johannesburg : Perskor. p.1-5).

**JOUBERT, E.J. 1987.** Die skoolvoorligtingsprogram in die primêre skool. (In Liebetrau, J.P. red. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor. p.49-64).

**KELLERMAN, B. 1984.** Leadership: multidisciplinary perspectives. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 288p.

**KRUGER, H.B. 1982.** Riglyne vir meesters- en doktorsgraadstudente. Potchefstroom : PU vir CHO. 73p.

**LANGENHOVEN, H.P. 1983.** Die identifisering en ontwikkeling van leierskappotensiaal. Acta academica: publikasiereeks B, 17 : 40-48.

**LEITHWOOD, K.A., RUTHERFORD, W. & VAN DER VEGT, R.** reds. Preparing school leaders for educational improvement. London : Croom Helm. 195p.

**LIEBERTRAU, J.P.** red. **1987.**, Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor. 513p.

**MARAIS, J.L. 1982.** Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom. 458p. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

**ODENDAL, F.F.** red. **1984.** Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg : Perskor. 1378p.

**PASQUES, L.J. 1979.** Leierskap: lesings gelewer van 3-7 Desember 1979 as deel van 'n oriënteringskursus vir hoofde van veldskole. Pretoria : TOD. 44p.

**PRINSLOO, N.P. & VAN ROOYEN, J.W. 1986.** Die bestuur van leerlingaktiwiteite. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Onderwys bestuur : grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM. p.305-326.)

**SCHOEMAN, H.J. 1980.** Die funksie van die leier. Opvoedkunde en kultuur, 3(2):24, 34 Jun.

**SERGIOVANNI, T.J. & ELLIOT, D.L. 1975.** Educational and organizational leadership in elementary schools. London : Prentice-Hall. 248p.

**SMITH, J.A.J. 1982.** Leieridentifikasie en 'n poging tot die ontwerp van 'n Christelik-gefundeerde leierontwikkelingsmodel vir die sekondêre skool. Pretoria. 232p. (Proefskrif(D.Ed.)-UNISA.)

**SONNEKUS, M.C.H. 1979.** Die taak van die skool in die opvoeding van jeugleiers. (In Suid-Afrikaanse Vereniging ter bevordering van die opvoedkunde. Onderwysleierskap: referate gelewer by die sewentiende jaarkongres van SAVBO gehou op 25 en 26 Januarie 1979 te Stellenbosch. Pretoria. p.193-212.)

**STEAD, G. 1984.** The effects of a leadership training programme on the leadership behavior and personality of std 9 junior prefects. Educational journal, 94(2):22-29, Sep.

**STEAD, G. 1985a.** In defense of leadership. Educational journal, 95(3):30-32, Nov.

**STEAD, G. 1985b.** Organizing a leadership camp for high school leaders. Educational journal, 95(1):9-17, Apr.

**TAYLOR, J.W. 1962.** How to select and develop leaders. New York : McGraw-Hill, 262p.

**THEUNISSEN, J.M. 1985.** 'n Model vir die opleiding van leerlingleiers in sekondêre skole. Potchefstroom. 148p. (Verhandeling (M.Ed.)-PU vir CHO).

**THOMPSON, J.E. & LACERENZA, B. 1985.** Providing leadership for the future : a curriculum model. NASSP bulletin, 69(483) : 21-28, Oct.

**TOD**
kyk

**TRANSVAAL. Onderwysdepartement.**

**TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984.** Verantwoordbare onderwys: polsslag vir die toekoms. Johannesburg : Perskor. 276p.

**TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987a.** Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria. 448p.

**TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987b.** Handleiding vir opvoedkundige leiding in primêre skole. Pretoria. 37p.

**VAN DER MERWE, N.J. 1976.** Die identifisering van leierskapmoontlikhede by leerlinge in die sekondêre skool. Pretoria. 259p. (Verhandeling (M.Ed.) -UNISA).

**WELLS, K.A. 1973.** Becoming a good leader. Chicago, Ill. : SRA. 53p.

**YOUNG, J. 1986.** Prefects: can they fail? Education journal, 96(1):29-30, Apr.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. C.G. Coetzee
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324 1660/70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
1988 -03- 23

Mnr. S.P. Botha
Posbus 104
ZEERUST
2865

Geagte mnr. Botha

VRAELYS AAN HOOFDE VAN PRIMêRE SKOLE

U skrywe, gedateer 1988-02-29, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen toestemming aan u om die voorgelegde vraelys, met die voorgestelde wysigings, as loodsondersoek aan die hoofde van die volgende primêre skole te stuur, om deur onderwysers, belas met leieridentifisering, ingevul te word:

A.G. Visser , Derdepoort, H.M. Swart, Menlopark en Roodekrans.

Die goedkeuring is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.
- U moet hierdie brief aan die hoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om die samewerking van die hoofde af te dwing nie.
- Die name van skole, skoolhoofde, onderwysers, leerlinge en die TOD as sodanig mag nie vermeld word nie.
- Die finale vraelys moet na afloop van die loodsondersoek aan die Departement voorgelê word vir goedkeuring.
- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement asseblief van 'n kopie daarvan vòorsien.

Sterkte met u studie

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. D.K. de Jager
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 3241660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

23 Mei 1988

Mnr. S.P. Botha
Posbus 104
ZEERUST
2865

Geagte mnr. Botha

VRAELYS AAN HOOFDE EN ONDERWYSERS VAN PRIMêRE SKOLE

U skrywe, gedateer 1988-05-06 en u persoonlike besoek gedateer 1988-05-20, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen toestemming aan u om die voorgelegde vraelys, met die voorgestelde wysigings, deur die hoofde en onderwysers gemoeid met leieridentifisering by 145 ewekansig geselekteerde primêre skole in Transvaal te laat invul.

Die goedkeuring is aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.
- U moet hierdie brief aan die hoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om die samewerking van die hoofde af te dwing nie.
- Die name van skole, skoolhoofde, onderwysers, leerlinge en die TOD as sodanig mag nie genoem word nie.
- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement asselbief van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

Rig korrespondensie aan die Direkteur: Transvaalse Onderwysdepartement en meld verwysingsnommer
Address correspondence to the Director: Transvaal Education Department and quote reference number

TRANSOND/TRANSED
FAX: (012) 2014326

BOA 31

**VRAELYS: OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMÊRE SKOLE**

(Een vraelys moet asseblief deur die hoof en een deur die persoon wat verantwoordelik is vir die leerlingleiers in die skool, ingevul word.)

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT:
AFDELINGS A, B en D

* Lees al die vrae noukeurig deur.
* Besluit dan watter antwoord u as die toepaslikste op die vraag sal beskou en omkring dan die syfer

VOORBEELD:
Wat is u geslag?

| | |
|---|---|
| Manlik | ① |
| Vroulik | 2 |

AFDELINGS C en E het afsonderlike aanwysings by die afdelings.

| | | KANTOORGEBRUIK | |
|---|---|---|---|
| KAART | | 1 | 1 |
| VRAELYSNR. | | ☐☐☐☐ | 2-4 |

AFDELING A: DEMOGRAFIESE GEGEWENS

1. Wat is u geslag?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Manlik | 1 | | |
| Vroulik | 2 | ☐ | 5 |

2. In watter ouderdomskategorie val u?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20 - 30 jaar | 1 | | |
| 31 - 40 jaar | 2 | | |
| 41 - 50 jaar | 3 | | |
| 51 - 60 jaar | 4 | | |
| Ouer as 60 jaar | 5 | ☐ | 6 |

3. Wat is die gradering van u skool?

| | | | |
|---|---|---|---|
| P1 | 1 | | |
| P11 | 2 | | |
| P111 | 3 | | |
| P1V | 4 | ☐ | 7 |

4. Wat is die medium van onderrig aan u skool?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | | |
| Engels | 2 | | |
| Afrikaans en Engels | 3 | ☐ | 8 |

| | KANTOORGEBRUIK |
|---|---|
| 5. Hoeveel onderwyservaring in voltooide jare het u?<br><br>0 - 5 jaar [1]<br>6 - 10 jaar [2]<br>11 - 15 jaar [3]<br>16 - 20 jaar [4]<br>Meer as 20 jaar [5] | ☐ 9 |
| 6. Wat is die ligging van u skool?<br><br>Stedelik (Bv. Johannesburg, Pretoria) [1]<br>Semi-stedelik (Bv. Witbank, Potch) [2]<br>Plattelands (Bv. Lichtenburg) [3] | ☐ 10 |
| 7. Wat is die graad van die pos wat u tans beklee?<br><br>Hoof [1]<br>Alle soorte Adjunk-hoofde [2]<br>Departementshoof [3]<br>Onderwyser met meriete [4]<br>Onderwyser [5] | ☐ 11 |
| 8. Uit watter standerds kom die leerlingleiers in u skool?<br><br>Slegs St. 5 [1]<br>St. 4. en 5 [2]<br>St. 3, 4 en 5 [3] | ☐ 12 |
| 9. Watter persentasie van u skool se populasie is leerlingleiers?<br><br>0 - 10 % [1]<br>11 - 20 % [2]<br>21 - 30 % [3]<br>30 - 40 % [4]<br>Meer as 40 % [5] | ☐ 13 |
| 10. Watter tipe leiers word daar in u skool gebruik?<br><br>Slegs gewone skoolleiers(Prefekte) [1]<br>Skoolleiers en ander leiers<br>Bv. Media, padpatrollie ens.) [2] | ☐ 14 |

11. Hoe noodsaaklik beskou u die gebruik van leerlingleiers op die primêre skoolvlak?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baie noodsaaklik | 1 | | |
| Gemiddelde noodsaaklikheid | 2 | | |
| Min noodsaaklikheid | 3 | | |
| Geen noodsaaklikheid | 4 | ☐ | 15 |

KANTOORGEBRUIK

AFDELING B: WYSE VAN LEIERIDENTIFISERING:

12. Hoeveel aandag word in u skool aan die identifisering van leiers geskenk?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baie aandag | 1 | | |
| Bevredigende aandag | 2 | | |
| Min aandag | 3 | | |
| Geen aandag | 4 | ☐ | 16 |

13. Op watter wyse word leerlingleiers by u skool geïdentifiseer?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.1 Konsensus van onderwyspersoneel | 1 | | |
| 13.2 Keuse van leerlinge en 13.1 | 2 | | |
| 13.3 Praktiese situasie en 13.2 | 3 | | |
| 13.4 Wetenskaplike meting | 4 | ☐ | 17 |

14. Watter mate van bevrediging word in u skool deur die personeel met die wyse van leieridentifisering ondervind?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baie bevredigend | 1 | | |
| Bevredigende, maar ruimte vir verbetering | 2 | | |
| Onbevredigend | 3 | ☐ | 18 |

15. Op watter ouderdom word leerlinge in u skool vir die eerste keer as moontlike leiers geïdentifiseer?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 - 8 jaar | 1 | | |
| 9 jaar | 2 | | |
| 10 jaar | 3 | | |
| 11 jaar | 4 | | |
| 12 jaar | 5 | ☐ | 19 |

16. Hoe gereeld word rekord van leier-identifisering gehou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekord word gereeld gehou | 1 | | |
| Rekord word redelik gereeld gehou | 2 | | |
| Rekord word min gereeld gehou | 3 | | |
| Rekord word nooit gehou nie | 4 | ☐ | 20 |

17. Watter metode van rekord word vir leieridentifisering gehou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Leierseienskappe word aangeteken | 1 | | |
| Leierseienskappe word bepunt en aangeteken | 2 | | |
| Geen rekord word gehou nie | 3 | ☐ | 21 |

18. Watter persoon teken die leiereienskappe aan?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoof/Adjunk-hoof | 1 | | |
| DPO | 2 | | |
| Klasonderwyser/es | 3 | | |
| Geen rekord van leierseienskappe | 4 | ☐ | 22 |

19. Op watter wyse word moontlike leiers se name op 'n groslys geplaas?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Leerlinge word genomineer | 1 | | |
| Groslys word saamgestel uit vorige jaar se moontlike leiers | 2 | | |
| Groslys word saamgestel na leier-identifiseringskamp | 3 | ☐ | 23 |

KANTOORGEBRUIK

AFDELING C: EIENSKAPPE WAT BY LEIERIDENTIFISERING OORWEEG WORD:

INSTRUKSIES AAN RESPONDENT:

In die volgende afdeling moet u die eienskappe as volg en u keuse omkring.

0 - Glad nie noodsaaklik nie
1 - Min noodsaaklikheid
2 - Baie noodsaaklik
3 - Uiters noodsaaklik

VOORBEELDE : Opgeruimd 0 ① 2 3

20.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.1 | Goeie intellek | 0 1 2 3 | | 24 |
| 20.2 | Goeie oordeelsvermoë | 0 1 2 3 | | 25 |
| 20.3 | Entoesiasme en ondernemingsgees | 0 1 2 3 | | 26 |
| 20.4 | Goeie selfvertroue | 0 1 2 3 | | 27 |
| 20.5 | Karaktervastheid | 0 1 2 3 | | 28 |
| 20.6 | Goeie organisasievermoë | 0 1 2 3 | | 29 |
| 20.7 | Beperkinge ken | 0 1 2 3 | | 30 |
| 20.8 | Toewyding | 0 1 2 3 | | 31 |
| 20.9 | Goeie redeneringsvermoë | 0 1 2 3 | | 32 |
| 20.10 | Goeie samewerking gee | 0 1 2 3 | | 33 |
| 20.11 | Aanpassingsvermoë | 0 1 2 3 | | 34 |
| 20.12 | Goeie delegeringsvermoë | 0 1 2 3 | | 35 |
| 20.13 | Fiksheid en goeie gesondheid | 0 1 2 3 | | 36 |
| 20.14 | Konflikhantering | 0 1 2 3 | | 37 |
| 20.15 | Belangstelling in lede van groep | 0 1 2 3 | | 38 |
| 20.16 | Goeie hantering van kritiek | 0 1 2 3 | | 39 |
| 20.17 | Nederigheid | 0 1 2 3 | | 40 |
| 20.18 | Beslistheid | 0 1 2 3 | | 41 |
| 20.19 | Goeie selfdissipline | 0 1 2 3 | | 42 |
| 20.20 | Dissipline kan toepas | 0 1 2 3 | | 43 |
| 20.21 | Vergaderingsprosedures ken | 0 1 2 3 | | 44 |
| 20.22 | Gebalanseerde deelname | 0 1 2 3 | | 45 |
| 20.23 | Goeie skolastiese prestasie | 0 1 2 3 | | 46 |
| 20.24 | Kennis van probleemhantering | 0 1 2 3 | | 47 |

Noem enige ander eienskappe wat na u mening oorweeg moet word by die identifisering van leerlingleiers.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

| | KANTOORGEBRUIK |
|---|---|

AFDELING D: OPLEIDING VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMêRE SKOLE IN TRANSVAAL

21. Hoe noodsaaklikheid beskou u die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen noodsaaklikheid | 1 | | |
| Min noodsaaklikheid | 2 | | |
| Baie noodsaaklik | 3 | | |
| Uiters noodsaaklik | 4 | ☐ | 48 |

22 Hoe beskou u die opleiding van leerlingleiers in u skool?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen opleiding aan leerlingleiers | 1 | | |
| Beperkte opleiding aan leerlingleiers | 2 | | |
| Voldoende opleiding aan leiers | 3 | ☐ | 49 |

23. Watter persoon in u skool is die meeste betrokke by die opleiding van die leerlingleiers?

| | | | |
|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaangeleenthede) | 1 | | |
| Hoof of Adjunk-hoof | 2 | | |
| DPO | 3 | | |
| Onderwyser deur u aangestel | 4 | | |
| Geen opleiding word gegee nie | 5 | ☐ | 50 |

24. Watter persoon behoort volgens u mening die meeste betrokke te wees by die opleiding van leerlingleiers in die primêre skole?

| | | | |
|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaangeleenthede) | 1 | | |
| Hoof of Adjunk-hoof | 2 | | |
| DPO | 3 | | |
| Onderwyser deur u aangestel | 4 | | |
| Ander | 5 | ☐ | 51 |

25. Watter ouderdom beskou u as die gunstigste om met opleiding van leerlingleiers in die primêre skole te begin?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen opleiding nie | 1 | | |
| 7 - 8 jaar | 2 | | |
| 9 - 10 jaar | 3 | | |
| 11 - 12 jaar | 4 | | |
| 13 jaar | 5 | ☐ | 52 |

KANTOORGEBRUIK

26. Watter opleidingsprogram sou u as die mees geskikste vir die opleiding van leerlingleiers in u skool beskou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen opleiding nie | 1 | | |
| Opleiding slegs binne skoolverband | 2 | | |
| Opleiding slegs buite skoolverband | 3 | | |
| Binne sowel as buite skoolverband | 4 | ☐ | 53 |

27. Hoe noodsaaklik beskou u dit dat die personeel wat vir die ontwikkeling van die leiersmoontlikhede in u skool verantwoordelik is, opleiding behoort te ontvang?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie noodsaaklik nie | 1 | | |
| Redelik noodsaaklik | 2 | | |
| Baie noodsaaklik | 3 | | |
| Uiters noodsaaklik | 4 | ☐ | 54 |

28. Watter persoon of instansie sal u as die geskikste vir die opleiding van onderwyspersoneel met die oog op beter opleiding aan leerlingleiers beskou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| ASO(Jeugaangeleenthede) | 1 | | |
| Hoof, Adjunk-hoof of DPO | 2 | | |
| Kolleges tydens opleiding | 3 | | |
| OKVO (Streekkursusse) | 4 | | |
| Buite-instansies | 5 | | |
| Geen persoon of instansie nie | 6 | ☐ | 55 |

29. Watter soort opleiding word tans aan u leerlingleiers voorsien?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Informele gesprekke met leiers | 1 | | |
| Formele opleidingskursusse/kampe | 2 | | |
| Kombinasie van bogenoemde twee | 3 | | |
| Geen opleiding nie | 4 | ☐ | 56 |

30. Hoe noodsaaklik beskou u dit dat leerlingleiers op 'n gereelde wyse vergaderings hou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Een keer per week | 1 | | |
| Een keer per maand | 2 | | |
| Een keer per termyn | 3 | | |
| Ses keer per jaar | 4 | | |
| Ander moontlikhede (noem) __________ | 5 | | |
| Geen vergaderings nie | 6 | ☐ | 57 |

31. Hoe noodsaaklik beskou u die hou van leerlingraadvergaderings aan die hand van vergaderingsprosedures?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen vergaderingprosedures | 1 | | |
| Sommige vergaderingprosedures | 2 | | |
| Alle vergaderingprosedures | 3 | ☐ | 58 |

KANTOORGEBRUIK

AFDELING E : DIE TAAK VAN LEERLINGLEIERS IN PRIMêRE SKOLE

INSTRUKSIES AAN DIE RESPONDENT:

Rangskik die volgende stellings in volgorde volgens u mening van belangrikheid.

SKRYF SLEGS U VOORKEURORDE IN SYFERVORM BEGINNENDE BY 1.

32.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 32.1 Om goeie dissipline toe te pas | ☐ | ☐ | 59 |
| 32.2 Om tydens skoolfunksies te help | ☐ | ☐ | 60 |
| 32.3 'n Skakel tussen personeel en leerlinge te wees | ☐ | ☐ | 61 |
| 32.4 Om 'n inspraak tydens skoolfunksies te hê | ☐ | ☐ | 62 |
| 32.5 Vergaderings van leerlingleiers te help lei | ☐ | ☐ | 63 |
| 32.6 Uitstappies te help reël | ☐ | ☐ | 64 |
| 32.7 Toesig tydens uitstappies te hou | ☐ | ☐ | 65 |
| 32.8 Leiding aan leerlinge met probleme te gee | ☐ | ☐ | 66 |
| 32.9 Samesprekings met leerlinge oor skoolaangeleenthede te voer | ☐ | ☐ | 67 |
| 32.10 Ambassadeurs vir die skool te wees | ☐ | ☐ | 68 |

Noem hier enige probleme wat u met die invul van die vraelys ondervind het.

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

Noem hier enige aspekte wat u graag sal wil hê leerlingleiers in opgelei moet word.

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die vraelys in te vul.